# *WAAROM?*

Baie dankie, Broer Ernie. Dis 'n, ag hierdie nog 'n groot voorreg om hier te wees in die, hierdie ouditorium vanaand, om, in die diens van die Here.

2 En nou, môre-aand is 'n spesiale aand vir gebed vir die siekes, want die, ek glo hulle gee dit meestal oor aan die mense wat is, hulle van die hospitale en goed af gaan—gaan kom.

3 Gewoonlik in die dienste wanneer ons dit opgestel het, het ons 'n—'n noodkamer waar daardie, wanneer hulle 'n groot byeenkoms het, waar hulle was, mense kan inkom en voor gebid word, elke keer wanneer hulle kom wat nie in die gebedsry kan inkom nie. Ons het 'n kamer wat. . . Miskien het hulle gekom vir, ingevlieg met 'n vliegtuig, of iets, vir honderde myle, en moet net daar wees daardie een aand, en teruggaan. So, ons probeer hulle almal altyd vang. Maar wanneer ons hierdie tipe diens het, voel ek—ek dat elke persoon wat in die gebou is, elke aand *wel* voor gebid word, sien, want, soos ek dit probeer duidelik maak, julle sien, dat—dat as daar was. . .

4 Ek—ek. . . Sien, soos 'n man wat hier sit in 'n rolstoel. As ek geweet het dat daar. . . As ek 'n vyf-en-twintig sent stuk kon neem en dit met my neus om hierdie stad stoot, om daardie man te laat opstaan uit daardie stoel, en genees word, sou ek dit doen. Sekerlik, ek sou dit beslis doen. En nou, miskien sal hy 'n gewone leeftyd in daardie stoel sit. Maar miskien is daar 'n man wat daarbuite iewers sit, wat hartprobleme het, en net 'n paar uur van nou af gaan hy dood wees, tensy Iets hom help, hy's in 'n meer kritieke toestand, as hierdie man wat in die stoel sit. Dan sou ek die vyf-en-twintig sent stuk stoot, sekerlik, om die stad met my neus, wat my dae sou neem om dit te doen, maar, en ek sou waarskynlik geen neus oor hê wanneer ek klaar was om dit rond te stoot nie, maar ek sou dit doen om daardie arme sterfling te sien genees word.

5 So, ek—ek kan nie enigiemand genees nie, ek het nog nooit enigiemand genees nie, maar ek het tienduisende gesien wat genees is. En so, ek. . . as. . . enigste ding wat ek probeer doen, is om hulle geloof te laat kry in wat alreeds vir hulle toegeëien is. So, wanneer julle sien. . .

6 Dink julle net, as Jesus hiernatoe gekom het vanaand, en hierdie pak klere gedra het wat Hy vir my gegee het, en jy sou opstap na Hom en sê: "Here, sal U my genees?"

Hy sou, miskien, so verbaas na jou kyk, Hy sou sê: "Jy's 'n gelowige in My? Lees jy nie die Skrifte nie?"

"Ja, Here."

"Wel, het jy dit nie gelees waar Ek jou genesing op Gólgota gekoop het nie?" Sien? "Ek het dit alreeds gedoen, My. . . "

7 As julle, hier is wat dit is, as julle ooit enigiets in 'n pandjieswinkel gesien het, en dan gaan jy dit loskoop van die pandjieswinkel, kan jy dit nie die tweede keer loskoop nie, dis alreeds losgekoop. As iemand vir jou 'n kaartjie gee waar die prys betaal is, en daardie artikel word losgekoop, is dit losgekoop, jy hoef nie die tweede keer daarvoor te betaal nie.

8 Dis waar Moses sy sonde gedoen het deur die Rots die tweede keer te slaan, in plaas van om Daarmee te praat. Sien? Hy het Dit die eerste keer geslaan. Waarvan het dit gespreek? Die swakheid van die Bloed van Jesus dat Hy geslaan moes word vir elke individu. Christus is geslaan vir ons genesing, ons praat nou net met die Rots, en Dit bring Sy genesing voort.

9 Maar, julle sien, ons is verkeerd geleer, alles oor hierdie hier oplegging van hande, en sensasies, en. . .Moet nooit jou—jou hoop van verlossing op 'n sensasie bou nie, want jy kan allerhande soorte sensasies hê, maar bou dit op die Woord van God, dis waar jy Satan enige tyd kan klop, op die Woord, Dis SO SPREEK DIE HERE.

10 Ek onthou een aand. . .Ek wil julle nie hier hou soos. . .Ek gaan niks sê vanaand nie, net stil bly. Ek was. . .Soveel dinge dat as ek hier kon bly vir 'n maand, dat ek half, dit nie halfpad kon vertel nie. As ek in boeke kon skryf van wat ek die Here sien doen het, sou dit amper 'n biblioteek op sigself maak. Honderde boeke sou nie beskryf van die dinge wat ek gesien het, net—net weet Hy het dit gedoen, in hierdie omtrent vyf-en-dertig jaar, of, een-en-dertig jaar, is dit, van diens vir Hom nie, wat ek Hom sien doen het in die dienste wat ek gehou het, en om die wêreld. En die groot dinge, dit was verbasend dat dit. . .

11 Wel, ek kan hulle onthou, en aan hulle dink, maar ons skryf nie van hulle nie, laat hulle net gaan, want partymaal het Jesus gesê: "Sorg dat julle vir niemand sê nie." Sien? Na alles, het Jesus gesterf vir 'n volk wat God vooraf geweet het sou gered word, julle sien. Nou, dit is waar. Hy het gekom om te red wat verlore was, maar deur Sy voorkennis het Hy geweet wat gered sou word. Nou, genesing, sekerlik, is vir elkeen wat genoeg geloof het om dit te ontvang; verlossing is vir elkeen wat genoeg geloof het om dit te ontvang.

12 In 'n diens, as ek nie verkeerd is nie, was dit net hier in Illinois. Is daar 'n plekkie hierbo met die naam van Vandalia of iets? Vanda-. . . Van-. . .Ek glo dis waar dit was, Vandalia, of—of net oorkant die rivier in Missouri. Dit was iewers hier, glo ek, in Illinois, wat daar een aand 'n dame, deur die ry gekom het.

13 En jy moet kyk wat Hy sê. Nou, in hierdie visioene wat julle hier sien plaasvind op die platvorm, ek doen dit nie. Weet julle wie doen dit? Jy doen dit. Jy weet dit nie, maar jy is die een wat

dit doen. Jy sê: "Broer Branham!" Dis presies reg, klas. Jy doen dit self. Dis net. . .Ek wens ek kon dit verduidelik, maar daar's geen manier om dit te doen nie. Dis net soos om jou motor oor te skakel en dit in 'n rat te kry. Sien? En net soos, die Heilige Gees, net 'n gawe om te weet hoe om jouself uit te skuif, en Hom die praatwerk te laat doen. Sien, skuif jouself uit, dan is dit nie jy wat praat nie, dis Hy. En jy doen dit self.

14 Om 'n klein beskrywinkie daarvan te probeer maak, sou ek sê. . .verduideliking, sou ek dit sê: Miskien gaan ons almal—ons almal na 'n karnaval toe, daar's hierdie karnaval wat na die stad toe kom, 'n sirkus. En ons is almal hierbo, ons predikers, ons is—ons is jong kêrels, en ons sal nie inkom om dit te sien nie. So dit het gebeur dat ek 'n yslike groot, lang, maer kêrel was, en broer, hier, kort en fris was. Nou, hy het miskien 'n beter kans om. . . Hy's sterker as wat ek is, wel nou, hy kon water dra, hy's groot, sterk, hy kon dinge doen wat ek glad nie kon doen nie. Nou, ek kan nie help, dat ek lank en maer sou wees nie, hy kan nie help, dat hy kort en sterk is nie. Sien? "Wie kan, deur te dink, een el by sy lengte voeg?" het Jesus gesê. Ons is wat ons is.

15 En dis een ding wat ons Pinksterbeweging seergemaak het, en ander bewegings, is iemand wat iets probeer wees wat hulle nie is nie, hulle probeer iemand anders naboots. Jy kan dit nie doen nie, jy's net wat jy is, dis al. En wanneer jy dit doen, sal God jou gebruik in net wat jy is.

16 En jy's net so belangrik soos enigiemand anders. Soos ek nou die aand gesê het, die klein haarspringetjie in hierdie horlosie is net so belangrik soos die hoofspring, want dit verg dit alles bymekaar om tyd te maak. En daardie. . .Wanneer ons ons posisie in Christus besef, en dan daarin bly, as dit net 'n klein huisvroutjie is, bly net daar, dis wat God wil hê jy moet doen. Sien? Wees net wat jy is.

17 En baie van julle onthou die genesing van Kongreslid Upshaw, wat in 'n rolstoel was vir ses-en-sestig jaar, het sewentien jaar in die Verenigde State se regering gedien as 'n—as 'n kongreslid, ensovoorts, hom nog nooit in my lewe gesien nie. En Doktor Roy E. Davis van die Sending Baptiste Kerk wat my gedoop het in die Baptiste geloof, was 'n, of, Baptiste gemeenskap noem ons dit. . .Ons glo dat, in die Baptiste kerk, dat die Gees jou in die Liggaam doop, maar ons is gedoop. . .As jy 'n Campbelliet was, miskien onderdompel op enige manier wat jy wil, en jy kom in die Baptiste kerk in, moet oorgedoop word in daardie gemeenskap. So ons noem dit gedoop in die gemeenskap van die Baptiste kerk.

18 Hy was die een, wat vir Kongreslid Upshaw soontoe gestuur het wat was. . .en hy was. . .Hom nog nooit gesien nie, net in die gebou ingestap daar in Los Angeles, waar duisende der duisende in rolstoele oral, en ek het hom in 'n visioen gesien, en begin

praat, en hy is daardie aand genees. Vir die eerste keer uit daardie stoel, sonder daardie krukke en dinge, vir ses-en-sestig jaar, Kongreslid William D. Upshaw. Goeie vriend van Churchill, en al daardie.

19 En soos julle almal weet dat toe ek soontoe gegaan het en vir Koning George gebid het toe hy veelvuldige sklerose gehad het, en hy is oombliklik genees, die volgende dag het hy agtien putjies gholf gespeel, en hy kon nie eers regop sit vir net 'n paar minute op 'n slag nie.

20 En ek was tot by Gustaf hulle. En Gustaf se broer is 'n Pinkster. En waarom kritiseer julle, party van julle mense Pinkster? Is omdat julle hier in 'n klein stadjie woon, en nie die res van die wêreld ken nie. Veertig persent van ons regering is Pinkster, dis reg, of óf Pinkster invloed. Billy Graham het gesê: "Jy kan nie langer die Pinksterkerk wegsteek nie, dis die vinnigste groeiende kerk in die wêreld." Wat het *Ons Sondag Besoeker*, die Katolieke kerk, 'n stelling gemaak? dat verlede jaar alleen die Pinksters 'n miljoen, vyfhonderdduisend geregistreerde bekeerlinge gehad het, meer as al die res van hulle saam. Ons is nie 'n klomp gemors nie, ons het uit die steeg uitgekom, ons is bo in die heerlikheid, dit is, maar, die Pinksterkerk, en die regeringsamptenare, en almal.

21 Ek het ontbyt geëet saam met Mnr. Nixon net daar in Washington, DC, en gaan dan oor 'n paar dae met party van die staatssenatore in my huis praat, vra my sekretaris. Hierdie privaat onderhoude, soos ons vanmôre gehad het, en wat ons het in 'n oggend waar die mense kom om uit te vind wat die Here te sê het, hulle bly daar, ons wag daar totdat die Here spreek, nie soos hierdie visioene wat julle hier sien nie, ek bedoel, julle sien hulle, maar dokters, staatsmanne, kongreslede, heersers van oor die wêreld.

22 Ek het met my sekretaris gepraat. Dis sy skoonma . . . sy skoonpa en skoonma wat nou net daar sit. Nou die dag het ek . . . Hulle wag op die lys van internasionaal, meer as seshonderd wag nou van regoor die wêreld, kom in en sit voor die Here, en ons bid totdat Hy afkom en vir hulle sê wat om te doen, dokters, staatsmanne, prokureurs, kongreslede, en al die res van regoor die volk, ek het selfs dokters van Mayo Broers Kliniek gehad. Nie iets net hoorsê nie, vriende: God. So, hier is wat die visioene is.

23 Nou, in hierdie dienste, hierdie evangelistiese dienste, sien julle nie een-tiende daarvan nie. Vra die broers wat saam met my gaan. Sien? Hierdie is net klein . . . hierdie is iets wat jy self doen.

24 Nou, hier, en ek sal terugkom by my punt, verskoon my dat ek dit verlaat het. Maar ons gaan na 'n karnaval toe, en daar's 'n yslike groot, of, 'n sirkus, daar's 'n groot, houtheining daar

rondom, ons—ons weet nie hoe om daaroor te kom nie, so ons wil sien wat aan die binnekant was.

25 En daar's geen mens in die wêreld wat nie wil weet waar hy vandaan kom, wat hy is, en waarnatoe hy gaan nie. Daar's net een Boek wat jou kan vertel, en dis *Hierdie*, wat, wie jy is, waar jy vandaan kom, en waarheen jy gaan. Maar elke mens hou daarvan om agter die gordyn te kyk om te sien wat aan die ander kant is, wel, ons gaan dit nou doen, vir 'n gelykenis.

26 En nou, gaan ons aan, en ek kyk na hierdie broer, en ek's . . . 'n sterker, groot, sterk man, ek, 'n klein, maer kêreltjie, wel, ek dink dat hy miskien sy deel kan doen om in te kom om die—die—die vertoning te sien, wat aan die binnekant is. Wel, hoe gaan ek dit doen?

27 Voor jy jou kom kry, het ek net 'n kwasgat gesien, ver aan die bokant. Nou, hy kan nie daarbo bykom nie, sien, maar ek kan, so, maar om dit te doen, moet ek afbuk, en baie hoog spring, en ek gryp net met my vingers, en trek myself op, en kyk deur daardie kwasgat, vat amper die lewe uit my uit, en ek val neer.

"Wat het jy gesien, Broer Branham?"

"'n Kameelperd."

"O, jy het?"

"Uh-huh."

"Wat het jy nog gesien?"

"Dis al wat ek tyd gehad het om te sien. My amper doodgemaak, julle sien."

"Loer en kyk of jy iets anders kan sien."

28 Nou, jy besef dit nie, maar dis jy op die platvorm, en dis jy wat daarbuite sit, jy's die een wat die krag uit my laat uitgaan. Gisteraand, het iemand gekom, amper vier of vyf keer geval op pad uit. Julle nie, mense besef dit nie. As julle die Bybel sou lees!

29 Weet julle dat digters, of profete, of sovoorts, hulle onder inspirasie kom, dat hulle partymaal nie eens weet waar hulle is nie? Het julle ooit gelees van Stephen Foster? Het *Ou Kentucky Huis* geskryf, *Ver Onder Op Die Swanee Rivier*, het Amerika sy beste volksliedjies gegee. Hy is as 'n neuroot beskou, elke keer wat hy 'n lied sou skryf, inspirasie, dan sou hy uitgaan en dronk word. Eenkeer toe hy geskryf het, het hy uitgekom, het hy net uitgekom, en hy het 'n skeermes gekry, 'n dienskneg geroep, en selfmoord gepleeg, sy keel afgesny.

30 Het julle al ooit gehoor van William Cowper? Sekerlik, het julle. Ek het by sy graf gestaan, onlangs, en gehuil. Hy—hy is in Engeland beskou as 'n—'n dom kêrel, mal. Enigiemand wat werklik geestelik is, sê die wetenskap, is net een stap weg van kranksinnigheid, van die wêreld af. So, dis die menslike verstand wat probeer om *daardie* verstand daar te hanteer, jy kan nie, julle

besef nie, niemand sal ooit weet, hierdie kant van die Ewigheid, wat dit beteken nie.

31 So toe William Cowper, uiteindelik die dag. . . Julle onthou toe hy selfs in 'n taxi probeer klim, en gaan selfmoord pleeg het? Teruggekom, 'n tou gekry, en homself probeer ophang, en—en afgegaan, probeer verdrink in die rivier, en toe daardie beroemde lied geskryf:

> Daar is 'n Fontein gevul met Bloed,
> Getrek uit Emmanuel se are,
> Waar sondaars onder die vloed gedompel,
> Al hul skuldvlekke verloor.

32 Kyk na die profeet Jona, so gou as wat hy uit die maag van die walvis gekom, en sy profesie gaan gee het, solank hy. . . die inspirasie op hom was, sy profesie gegee het, was hy goed, maar toe die inspirasie hom verlaat het, het hy bo-op 'n berg gesit en vir God gebid om sy lewe te neem.

33 Die profeet Elía, onder 'n—'n visioen van die Here, het dit gereed gemaak en Vuur uit die Hemel geroep, reën uit die hemele geroep op dieselfde dag, en self vierhonderd priesters doodgemaak, en toe, toe die inspirasie hom verlaat het, voor die dreigement van 'n vrou gevlug, en veertig dae en nagte buite in die wildernis was, nie eens geweet waar hy was nie, rondgedwaal het, en God het hom agter in 'n grot gevind. Is dit Skriftuurlik?

34 Sien, mense besef dit nie. Julle besef nie wat hierdie. . . Jy sê: "Wel, as ek 'n bediening soos daardie gehad het!" Jy sou sommer gou daarvan ontslae wou raak. Jy besef nie wat dit aan jou doen nie, dit maak jou dood. Maar dit—dit. . . God het dit vir jou gegee.

35 Kritici lag, spot, en alles, en ek wat net hier staan, ek weet wat hulle dink. Ek weet beslis. Ek het hulle altyd uitgeroep, en alles gesê, maar toe ek het, het ek uitgevind dit maak seer. Jesus het gesê laat hulle albei saam groei, moenie die onkruid uittrek nie, dis God se tyd aan die einde om die onkruid uit te trek, sien, aan die einde van die oes, los hulle net uit. Sien? Gaan voort, ek het bediening om te dien, en, so, God om te dien, en ek doen dit net die beste wat ek kan, en gaan dan aan.

36 Wel, nou, wanneer jy na die platvorm toe kom, dis jy wat dit doen, soos die vrou Sy kleed aangeraak het, dis jou eie geloof wat dit doen, ek het niks daarmee te doen nie. Vir my kan ek—ek nik-. . . Ek het, self, oor en oor vir God iets gevra, vir die afgelope vyf jaar, en Hy sal nie eens 'n Woord vir my daaroor sê nie. My eie moeder het hier op sterwe gelê, en gesê: "Seun, wat sal my einde wees?" En my liewe, ou moeder, ek kon haar nie vertel totdat God my vertel het nie. Sien julle? Ek. . . Hy moet praat, ek doen nie die praatwerk nie, dis Hy. En dis nie ek wat die visioen hier op die platvorm veroorsaak nie.

37 Vra my broers wat by my is, hierdie week het ek niks geëet behalwe beskuitjies en melk nie, dis waar. Net vas, gewag, om te

sien watter kant toe die Gees my sal lei. Die kêrels by die deur het gesê: "Daar's 'n groot smorgasbord hieronder. Broer Branham, hoe lief is jy vir die, uh, gaan na 'n smor-. . . !"

38 Ek het gesê: "Ek is, maar nie in genesingsdienste nie." Jy wag op die Here. Dit kom slegs uit deur te vas en bid. Hier kom môre-aand wanneer kreupeles, en hospitaalgevalle, en sterwende mense hier sal sit, gereed wees daarvoor. As jy mense liefhet. . .En as jy nie mense liefhet nie, kan jy net sowel die bediening verlaat, dis al, want, dan, as jou hart nie brand vir hulle nie! Ek sou liewer hê jy moet iets goeds sê van my seun as wat jy van my sê, want dis my seun.

39 En as ons nie mekaar kan liefhê nie, hoe gaan ons God liefhê vir Wie ons nie gesien het nie? Sien? Ons moet die *ding* vind, ons moet mekaar liefhê, al verskil ons, jy moet in elk geval liefhê. Jy kan dit nie bluf nie, jy moet dit regtig doen. Jy moet. . .En daardie. . .Die grootste krag wat ek ooit in genesing gevind het, is liefde, wanneer jy simpatie en liefde vir die mense het, om hulle te probeer help.

40 Partymaal berispe ek hulle en—en gaan terug huis toe, dink net: "Here, waarvoor het ek dit gedoen?" Maar dis omdat ek hulle liefhet. As ek my seuntjie moet berispe omdat hy in die straat uitgehardloop het, hy sal doodgemaak word as ek hom nie van daardie straat af kry nie, partymaal moet ek hom slaan, hom korrigeer, sê: "Seun, bly van daardie straat af," nie omdat ek nie daardie kind liefhet nie, dis omdat ek hom *wel* liefhet. Dis hoe God met ons moet maak, ons berispe, en ons skud, ons 'n regte egte. . .'n Persoon wat sy kind net enigiets laat doen, is nie 'n goeie ouer nie. Dis reg. Daar's te veel daarvan in Amerika vandag, ja meneer, ons het die outydse moeders nodig.

41 Nou, iemand kom na die platvorm toe, 'n dame. Hier is ek, ek het myself ontspan. En sy kom op, wie is sy? Ek het haar nog nooit gesien nie, ken haar nie. Wat is sy? Ek weet nie. "O God, ek maak nou staat op U. Heeldag lank het ek gebid. Wat is dit, Here?"

"Stap oor hierdie Bybel, hier."

42 "God, daar's U Woord, U het die belofte gemaak, tussen my en daardie vrou staan U Woord. U Gees is hier iewers. God, miskien een ding wat hierdie hele gebou aan die brand kan steek. Miskien het die Heilige Gees ingekom, al die ongeloof afgeweer, vanaand. Daar's niks hierbinne, behalwe wat my gaan glo nie, alles gaan glo, want ek het dit gepreek net so eenvoudig as wat ek kan, en hulle het die Bybel gelees, hulle weet dit is die waarheid, en 'n belofte vir hierdie dag. Sekerlik, sal hulle, Here."

43 Dan myself probeer ontspan, praat. Voor jy jou kom kry, wat doen ek? Reik uit, reik op, vind uit watter soort geloof daardie vrou het, uiteindelik, vind sy het geloof. Wat doen dit? Dit raak

aan. Dan tussen my en haar, sien ek dit. Nou, waarheen sal ek gaan? Hier, op, op, op, gryp dit: "Jy het 'n gewas."

"Ja, meneer."

44 Jy draai na die gehoor: "Hy het dit geraai." Sien? "Wel, dis verstandstelepatie. Dr. Jones het gesê dit was *so-en-so*. O, dis gedagte lees." Sien, daar het jy dit weer.

45 Wel, wat kan jy sê? Kyk jy daarbuite, hier sit *hierdie* een, *daardie* een, *hier* bo, onder, daar is dit *hier* agter, *hier*, "God, wat kan ek...? Wel, Here, U moes deur dieselfde ding gaan."

46 Nou, wat het nog...? Wat is nog verkeerd met haar? Hier gaan jy weer. Jy's alreeds, vingers wat pyn soos dit was, daaraan hang, nou is jou hart seer. Sien? Dan gaan jy weer op: "En behalwe dit, het jy TB, jy was nou die dag by 'n dokter, en hy het vir jou gesê, jy was...Hy—hy was 'n lang man. *Sjoe!*"

"Hy het hulle gedagtes gelees." Is dit nie vreemd nie?

Selfs Christene wat sê: "Wel, ek veronderstel dis goed so." Sien?

47 Wel, naderhand, gaan daardie een verby. Hier's nog een. Dan is jy net omtrent afgemat. Sien? Hier's nog een. Wel, daar staan 'n hele ry van hulle, as jy nie elkeen van hulle kry nie, jong, hulle "daar is nooit voor gebid nie, iets verkeerd."

48 Sien—sien ek probeer 'n profetiese gawe gebruik in 'n evangelistiese diens, dis waarom dit nie so goed werk nie. Dit werk in Afrika, dit werk enige ander plek behalwe die Verenigde State, enige ander plek behalwe hier, sal dit werk, nie hier nie. Mense begryp dit net nie, ek weet nie hoekom nie, maar hulle verstaan nie.

49 Daardie een ding kan gebeur in Afrika, duisende sal na die altaar toe haas, skree, huil, wat uit hulle rolstoele spring, as hulle moet kruip, of enigiets anders, hulle glo God, dis al, hulle begryp dit. Maar ons is, sien, ons is geïndokumeerd met soveel verskillende *ismes* en soveel verskillende dinge, iemand sê dis *hierdie*, iemand sê dis *daardie*, "Hy behoort aan 'n ander kerk, hy's nie—hy's nie een van ons nie. Hy's 'n holy-roller. Hy—hy—hy mag 'n medium wees, hy mag 'n duiwel wees." Julle sien, en dit alles wat net die...Dan sê iemand: "Huh, ek sal net nou hier uitkom." O! Sien?

50 Nou, hoe kan jy 'n diens daaronder hê? Laat ek julle iets vra. Gooi hierdie gehoor in eendragtigheid, een in geloof eenkeer, laat my na julle toe draai, in die Naam van die Here, daar sal nie 'n rolstoel hierbinne oorbly waaruit die mense nie sal loop nie. Probeer dit net eenkeer, vind uit. Ek het dit gesien, vyf-en-twintigduisend het dit gekry, rolstoele, draagbare, en alles, en geloop.

51 Maar jy moet bedien, in elk geval. Hierdie is die nasie wat die geld het om my soontoe te stuur, hulle het nie geld om my te

bring nie. Ek het nie enige groot ondersteuning nie, enigste ding wat ek moet doen, is net staatmaak op God, "U—U wees genadig, doen iets. Waar U my ook al lei, sal ek gaan." En dis wat ek doen. Sien?

52 Nou, miskien, miskien kom die ringmeester nou verby: "Waarna kyk julle kêrels?"

"Ons het ingekyk, meneer."

53 "O, wel, kom hier." Hy's 'n yslike groot kêrel, buk af, tel my op in sy hand, gesê: "Ek sal jou vertel hoe dit verloop, Broer Branham. Sien jy daardie vertoning *daar* oorkant?"

"Ja."

54 "Nou, dis waar die Garland-rit begin, net *daar*. Hulle kom hier uit, ry hulle *hiernatoe*, hulle kom *hier* deur, en hulle doen *hierdie*. En *hierdie* doen *daardie*, en *hierdie*, *daardie*."

"O, ja, meneer," sit in die palm van sy hand.

"En *hierdie* is *hierdie*, en *daardie* is daardie." My daar neergesit by die paviljoen, julle weet, en hy het my alles gewys wat gaan gebeur.

"O, ek sien. Dankie, meneer. Baie dankie."

"Nou, wees jy 'n soet seun."

"Dankie, meneer."

"Wat het gebeur? Wat het jy gesien?"

55 "O, prys God!" Julle sien, sien, ek is nie moeg nie. Sien? Hy het my net opgelig en my gewys. Nou, dis *julle* wat God se gawe gebruik, of God wat Sy Eie gawe gebruik. Sien?

Nou, sê julle: "Is dit Skriftuurlik?" Ja, broer.

56 'n Vrou het Sy kleed eenkeer aangeraak, en Hy het gesê: "Ek het swak geword." Is dit reg? Maar eendag, toe Hy in die huis van Martha was, en Maria, en hulle, Hy . . . die . . . God het Hom gewys, Hy het gesê Hy het niks gedoen totdat die Vader Hom gewys het nie, en God het Hom gewys dat Lásarus sou sterf. So, Hy het gesê: "Gaan Jy weg, en hulle gaan Jou laat roep." Nou, ek sal dit bewys. Hy het gesê: "Gaan weg, en na vier dae gaan hy sterf. En dan gaan Jy terug, Jy sal hom wakker maak, na die graf toe gaan en hom wakker maak," ensovoorts. Omdat Hy dit moes gedoen het, of as Hy nie het nie, het Hy iets verkeerd gesê.

57 So Hy het gegaan, en hulle het Hom laat roep. Het Hy teruggegaan? "Jou vriend Lasarus is siek, gereed om te sterf." Hy het geweet wat die Vader vir Hom gesê het, so Hy het net aangegaan. Hulle het weer laat roep: "Lasarus is siek. Kom, sien hom sommer gou, hy gaan sterf." Hy het net aangegaan.

58 As jy jou pastoor laat roep het, en hy het nie gekom nie, sou jy gegaan het en by die volgende kerk aangesluit het. Sien? Dis waarom jy nêrens kom nie. Jy moet glo die dienskneg wat God

jou gestuur het. Sien? As Hy deur die Gees gelei word, los hom uit.

59 Toe na vier dae, het Jesus omgedraai, want dis wat die Vader, sonder twyfel, vir Hom gesê het, want Hy het gesê Hy het niks gedoen totdat die Vader Hom gewys het nie. Hy het omgedraai, vir Sy dissipels gesê, Hy het geweet die tyd is vervul, Hy het gesê: "Ons vriend Lásarus slaap."

"O," het hulle gesê: "dit gaan goed met hom."

60 Hy het gesê, toe het Hy hulle in hulle eie taal vertel, gesê: "Hy is dood. En om julle ontwil, is ek bly Ek was nie daar nie," so, Hy het gesê: "maar Ek gaan om hom wakker te maak."

61 En toe Hy by die graf gekom het, luister wat Hy gesê het: "Ek dank U, Vader, dat U *alreeds*," sien: "My gehoor het, maar Ek sê net hierdie, hierdie, vir hulle wat hier staan, Ek het dit gesê om hulle ontwil." Sien julle? Toe het Hy gesê: "Lasarus, kom uit." Lasarus het uitgekom.

62 Hy het nooit 'n ding gesê oor swak word nie, het Hy? Dit was God wat Sy gawe gebruik het, die ander een was 'n vrou wat Sy gawe gebruik het. Sien julle die verskil? Verstaan julle nou? Sien, dis wat dit is, dis jy wat dit doen.

63 Nou, in die onderhoude, ensovoorts, het hulle tye waar die Heilige Gees, soos om vanmôre voor 'n jong paartjie te sit, hoe Dit afgegaan het deur hulle lewe, dit optel en dit terugbring.

64 En, goeiste, hier het 'n beroemde dokter onlangs in die kamer gesit, en my gevra oor 'n sekere ding. Ek het gesê: "Sal jy saam met my bid?"

Hy het gesê: "Ek sal, meneer."

65 Ons het gekniel, gebid. Ek het gesê: "Nou, jy ondersoek dit om 'n kliniek te bou. En daar's 'n sekere ding wat gereed maak om te gebeur. En jy het gekyk na 'n sekere plek om hierdie kliniek te bou, jy het gesê hulle kan dit nie aanraak vir vyf-en-twintig jaar nie, maar," het ek gesê: "SO SPREEK DIE HERE, Dokter!"

Hy het gesê: "Dink jy die stad het 'n kliniek nodig?"

Ek het gesê: "Ja, meneer, dit het 'n kliniek nodig. Ek dink jy's 'n goeie dokter, so gaan jy, en . . . "

Hy het gesê: "Dit kan egter nie so wees nie, dit kan nie daar wees nie." Gesê: "Ek het dit klaar beveg in die hof," gesê: "jy kan dit nie daar bou nie."

66 Ek het gesê: "Dit sal gebou word van 'n rooi baksteen, dit sal 'n ligte dak daarop hê, en dit sal amper 'n stadsblok lank wees, en dit sal daar wees, en jou naam sal op die voorkant daarvan wees, ek het dit gesien, SO SPREEK DIE HERE."

Hy het gesê: "Ek wil dit graag glo, meneer."

67 Ek het gesê: "Jy onthou toe jy vir my daardie man gestuur het nie lank gelede nie, wat nie eens enige lewer gehad het nie, helfte

daarvan weggevreet, daardie prediker? Daardie oggend het ek daardie vyf appels sien afkom, en 'n groot gesonde appel het die ongesonde appels opgevreet, en ek vir jou gesê het SO SPREEK DIE HERE, hy sou lewe, en jy het gesê: 'Hoe kan hy lewe sonder 'n lewer in hom?'" Ek het gesê: "Hy preek, en hy het my plek ingeneem by die Milltown Baptiste Kerk." Ek het gesê: "Hy's nog steeds daar."

Hy het gesê: "O, ek onthou Eerw. William Hall, Milltown Baptiste Kerk."

Ek het gesê: "Hy's nog steeds daar, dit was omtrent vyf jaar gelede." Ek het gesê: "Jou kliniek sal daar wees."

Hy het gesê: "Ek hoop jy's reg."

En ek het gesê: "*Hoop*?" Ek het gesê: "Hy's altyd reg."

En so die volgende oggend het hy my gebel, hy het gesê: "Broer Branham?"

Ek het gesê: "Ja?"

Hy het gesê: "Ek vries dood." En dit was in Julie.

Ek het gesê: "Vries dood?"

68 Hy het gesê: "Daar gaan rillings deur my." Gesê: "Hulle het gisteraand 'n vergadering in Boston gehad met al die aansoeke vir daardie plek, hulle het my gekies. Dit gaan nie vyf-en-twintig jaar hoef te wag nie, dis alreeds afgehandel, ek het die plek alreeds vanmôre gekoop." Daar's die kliniek, net daar vanaand.

69 In St. Louis, net onlangs, in 'n groot, mediese diens het hy 'n toespraak gemaak, en hy het dit vertel. Het 'n bordjie daarvan wat op sy deur geplak het, gegraveer in koper. Hy het gesê: "As enigiemand ooit twyfel, enige geneesheer, laat hom my kollekteer skakel." Um-hum. Dis reg. O, julle sien, vriende, dis nie niks . . . Die ding daarvan is, jy kan nie jouself wakker maak nie, dis al, jy kan nie jouself wakker maak vir die werklikheid van wat dit is nie.

70 Julle kinders, en julle mense hierbinne in hierdie rolstoele, julle weet as ek julle kon help, sou ek dit kom doen het, julle weet dit. Uh-huh. God seën julle hart, ek sou dit beslis doen. Maar julle is nie meer . . . Om 'n persoon in 'n rolstoel te genees, is niks meer as om een met hartprobleme te genees nie. En die grootste ding wat Hy ooit gedoen het, was om 'n man se siel te red, om sy hele gesindheid te verander, en alles. Want jy dink net jy's gekluister vir altyd, jy is nie, nee, meneer. Ek het tiene van duisende rolstoele gesien, van mense wat daaruit genees is, sien, en ek weet.

71 En dit is waar, iemand het gesê dat my grammatika sleg is. Ek onthou in Fort Wayne, nie lank gelede nie, het ek gepreek by B. E. Rediger, waar sy dogter genees is van kranksinnigheid 'n paar dae tevore. O, daar gaan ek weer, net soveel dinge om te sê.

’n Kranksinnige meisie wat op pad was na die lykshuis. En die Katolieke skool wou my nie eers inlaat nie, ek het ingegaan as ’n besoeker, ’n paar minute met die meisie gepraat. Ek het gesê, vir haar pa gesê (ek het destyds met die meisie se ma uitgegaan.), ek het gesê: “SO SPREEK DIE HERE, sy is by haar volle verstand.”

Haar ma het my om die middel gegryp, en sy het gesê, na haar man gekyk, sy het gesê: “Hy’s nooit verkeerd nie.”

Ek het gesê: “Nou, sy het nie my bedoel nie, sy het bedoel die Gees van die Here.”

72 En omtrent twee ure daarna, het die vader my gebel, in trane, hy het gesê: “Broer Branham, ek weet nie wat om te sê nie.” Sy dogter was net agtien jaar oud, ’n onderwyseres in musiek, en overtures gespeel, ensovoorts, dieselfde studies wat my dogter studeer. Hy het gesê: “Ek weet nie wat om te sê nie.” Gesê: “Daardie meisie het oombliklik tot haarself gekom, en hierdie dokters hou net nou ’n vergadering.” Gesê: “Sy gaan huis toe saam met ons vanmiddag.” Reg. Sien? Dis reg. Ek het gesê. . . Hy het gesê: “O, ek sal dit deur die land uitbasuin!”

Ek het gesê: “Shh, moet vir niemand sê nie. Gaan aan, dank net God, en beweeg aan, jy sien. Bly net voortgaan.” Hy’s wonderlik as jy Hom net sal glo.

73 Nog een klein dingetjie vir julle mense: Net omdat jy hier in die diens is, en jy jou genesing aanvaar, gebeur dit nie dadelik nie, moenie enige aandag daaraan gee nie, dit sal gebeur as jy genoeg geloof het om te glo dit sal gebeur.

74 Daar het ’n vrou in die diens ingekom een aand, sy het deurgegaan, sy het maagprobleme gehad. Die Heilige Gees het vir haar gesê: “Jy is Mev. *So-en-so*, jy het van ’n sekere plek af gekom.” Gesê: “Jy het ’n maagprobleem.” En gesê: “Wat dit is, is ’n duodenale ulkus.” Gesê: “Dis baie gevaarlik, en die dokter sê dat jy dalk een of ander tyd daarvan kan begin bloei, want hy wou opereer.” Ek het gesê: “Maar jy’s bang vir die operasie, en daarom, is jy nie in staat om omtrent glad nie enigiets te eet nie, behalwe net sous, en net verskillende, soos ’n bouillon, ensovoorts.”

Sy het gesê: “Dis reg.” En sy het gesê: “Is hy reg, Mnr. Branham?”

75 Ek het gesê: “Jou dokter is beslis reg.” En ek het gesê: “Die rede waarom dit is, want dit is veroorsaak deur spanning, jy is die heeltyd onder so ’n spanning.”

Sy het gesê: “Ek was ’n senuweeagtige kind.”

76 Ek het na haar gekyk, en ek het haar sien sit met ’n lekker, groot steak, besig om te eet, julle weet, en ’n stuk appeltert geëet, dis wat ek in die visioen gesien het, ek het gesê: “Maar SO SPREEK DIE HERE!”

77 Kyk wat Dit sê. Sien? Jy's die een wat Dit *hierdie* laat sê, maar dis om te kyk wat Dit daarna sê, dis die ding, sien. Jy sê: "Jy het 'n kanker," en jy weet dit, maar kyk wat Hy sê van daardie kanker, sien, dis wanneer jy dit dophou. So toe—toe . . . Sy . . . En Dit het haar vertel.

So sy het gesê: "Ek gaan uit en gaan eet." So sy het uitgegaan, geëet.

78 En 'n—'n bietjie agter dit kom 'n dame wat 'n groot groeisel op haar keel gehad het. En die Heilige Gees het vir haar gesê: "Daardie groeisel sal jou verlaat, SO SPREEK DIE HERE."

79 So hulle was toevallig buurvroue. En so, die volgende dag het sy probeer eet, en o, goeiste, sy het amper gesterf. En so, het sy vir twee of drie dae probeer, en sy sou net opgooi, en verstik, en bloed sou uit haar mond vlieg, en alles. En sy, na omtrent 'n week, haar man, wat 'n Christen was, maar hy het gesê: "Skat," gesê: "jy bring 'n skande oor die saak." Gesê: "Jy moenie dinge soos daardie sê nie."

80 Sy het begin huil, sy het gesê: "Manlief, luister," het sy gesê: "daardie man het my nog nooit in sy lewe gesien nie, en deur 'n soort van 'n Krag wat ek glo die Heilige Gees was, volgens wat ek in hierdie Bybel gelees het, het hy my vertel wat my probleem was, wie ek was, presies tot die letter, en vir my gesê dat SO SPREEK DIE HERE dat ek gesond sou wees." Sy het gesê: "Totdat daardie tyd kom, gaan ek so maak." Goed. Goed.

81 So, hy het gesê: "Gaan voort, laat bars jou maagseer, en dan sal jy doodbloei." Sy het net aangegaan. Natuurlik het hy—hy het nie gehad . . . Sien, dit het nooit met hom gebeur nie, dit het met haar gebeur, dit was nie sy geloof nie, dit was hare.

82 Wel, omtrent twee maande het verbygegaan, niks het gebeur nie. Een oggend het die kinders weggegaan, skool toe gegaan, en sy het die skottelgoed gewas, en sy het gesing, en naderhand, het sy die vreemdste gevoel gehad wat oor haar gekom het, het sy gesê. Sy het kom getuig daarvan. So, gesê die vreemdste gevoel het oor haar gegaan, sy het dadelik baie honger geword, het sy gesê. Wel, die kinders het 'n bietjie hawermout in hulle borde gelos, julle weet, ek reken moeders doen dit, en so het sy 'n—'n bietjie van die hawermout geneem, en dit geëet, en sy het gedink, sy, gewoonlik, sou opgooi daarna. So, sy het 'n bietjie hawermout geneem, en sy het dit geëet, en daardie roosterbrood het so goed gelyk, sy het 'n hap gevat van die roosterbrood wat van die kindertjies oorgelos het.

83 So sy het 'n paar minute aangegaan, en sy was steeds honger, het nie opgegooi nie, so sy het net vir haar 'n bietjie uitgegooi, hulle gemeng, sy het 'n stukkie roosterbrood geëet, aangegaan met was, sy het net goed gevoel terwyl sy haar huis aan die kant gemaak het. Sy het weer baie honger geword, so sy het net gegaan en vir haar twee eiers gebak, en 'n bietjie spek, en 'n koppie koffie

gekry, en ’n gastronomiese jubulfees gehou, so sy het net regtig gereed gemaak daarvoor. En so, het sy net alles geëet wat sy kon, gewag omtrent, tot omtrent tienuur, niks het gebeur nie, sy het weer honger geword, so sy het gedink: “O, prys God!” Sy het gesê: “Ek gaan ondertoe, en gaan my buurman vertel.”

84 En toe sy daaronder gekom het, het sy iemand hoor skree en huil, so sy het na die deur toe gehardloop en die deur geskud, en niemand het geantwoord nie, sy het gedink miskien het iemand gesterf. En so, het sy baie vinnig in die huis ingehardloop, en hier hierdie vrou met ’n laken in haar hand, wat dit skud soos *daardie*, en skree, so hard as wat sy kan. En sy het gesê: “Wat makeer?”

85 Sy het gesê: “Weet jy wat?” Gesê: “Gisteraand het ek voor die spieël gestaan, gekyk na daardie knop op my nek, nou kyk, dis weg.” Gesê: “Ek het elke laken geskud, al die res, my bes probeer om dit te vind. Toe ek wakker geword het vanmôre, en. . . ”

86 Nou, ek het hulle name en adres, sien, gedokumenteerde verklarings. En sien, wat dit was, toe daardie Engel van God. . . Nou, enigiemand wat ’n Bybelstudent is, weet dat God partymaal nie reg op die toneel kom wanneer Hy—wanneer Hy moet kom, wat ons dink Hy moet nie. Julle onthou, Daniël het gebid, dit was een-en-twintig dae voor die Engel by hom kon kom. Is dit reg? Goed, hoeveel weet dit?

87 Wat het gebeur? Die einste Engel van God wat die belofte gemaak het, nie ek nou nie, ek het niks daarmee te doen gehad nie, ek het hulle nie geken nie, maar gesê: “SO SPREEK DIE HERE,” dit het Hom amper twee maande geneem, maar Hy het deur die buurt gegaan en daardie Woord bevestig wat Hy gespreek het. Glorie aan God! As dit nie dieselfde God van die Bybel is nie, ken ek nie my Bybel nie. Presies. Dit het tiene van honderde kere gebeur, vriend.

88 So, waarvoor sê ek dit? Julle geloof op te bou vir môre-aand se genesingsdiens. Ek wil hê julle moet. . .as dit. . .Nou, moet dit nie bluf nie. Dit sal nie bluf nie, jy kan nie die duiwel bluf nie. Julle onthou toe Jesus Sy kerk gegee het, soos, Hy Sy kerk mag gegee het in Matthéüs die 10de hoofstuk om duiwels uit te dryf, die siekes te genees, en—en die melaatses, en die dooies op te wek, is dit reg? Nou, ek wil iemand hê wat nie in Goddelike genesing glo nie, my te wys, met die Skrif, waar Hy ooit daardie mag weggeneem het van die Kerk. Ek wil die hoofstuk hê, die Boek, en die vers. Waar Hy daardie krag aan Sy Kerk gegee het, kan ek julle hoofstuk, Boek, en vers wys, waar Hy vir hulle gesê het dit sou wees vir alle rasse, alle plekke, vir die hele wêreld. Nou, sê julle vir my waar Hy gesê het: “Ek het ’n fout gemaak, Ek moet dit terugneem.” Wys dit vir my, een of ander kritikus. Dis nie in God se Woord nie.

89 Nou, julle sien, dit is nie. . .Waarna jy kyk, my kritiese vriend, is dit: jy kyk na die swakheid, jy kyk na wat die mense

daaraan doen, maar moenie daarna kyk nie, kyk na wat God daarvan gesê het. Sien? Dis reg. Jy kyk na die verkeerde kant, jy is skeel. Sien? En 'n man wat skeel is, weet nie watter kant toe hy gaan nie. Sien? So jy net, kyk jy gefokus na God, wat God gesê het, nie wat mense daaromtrent doen, wat die kweekskool gesê het nie, maar wat God gesê het. En as *Hierdie* nie die Woord van God is nie, gaan kry dan iets wat die Woord van God is.

90 Geen wonder die priester het, die Katolieke priester moet so slim wees, hy het seshonderd boeke wat hy moet leer wat net so heilig is vir hom as daardie Bybel, seshonderd ander, soos bybels, van ander manne wat boeke geskryf het wat hy moet leer nie. Slim, daar is geen manier om by te hou by hulle, om te praat, wanneer dit kom by intellektuele nie, maar God gebruik dit glad nie, dis dwaas vir Hom. Die nederigheid om Jesus Christus te glo, is wat God respekteer. Maak dit sodat selfs die dwaas nie daarin sal dwaal nie.

91 Nou, nou, kyk hier, die. . .Jesus in Matthéüs 10, het hulle krag gegee om die siekes te genees. Hulle het uitgegaan, duiwels uitgedryf, blymoedig teruggekom, ensovoorts. En tien dae na daardie tyd, was hulle totaal verslaan met 'n epileptiese geval. Dis reg. Ek kan my voorstel om Andreas te hoor sê: "Tree terug, kêrels."

"Julle kan dit sekerlik nie doen nie."

92 "Laat ek julle wys hoe ek dit gedoen het oorkant in Kapérnaüm: Kom hier! *Grrr!* SO SPREEK DIE HERE, kom uit hom uit, duiwel! Kom uit hom uit, duiwel! Halleluja! Kom uit hom uit, duiwel!" Seun het net aangehou met die spasma.

93 En ek kan Petrus hoor sê: "O, onthou, julle almal weet nie. Laat ek julle wys hoe ek dit gedoen het onder by Joppe. Kom hier, laat ek hom kry." Trek hom soontoe, gesê: "Dit is hoe jy dit doen!" Hulle was almal verslaan, dis nie omdat hulle nie krag gehad het nie.

94 Nou, kyk, en naderhand, kyk, wat daar van die berg afkom, sien ek Hom kom, wat saggies wandel. Bybel het gesê daar's geen skoonheid wat ons Hom moet begeer nie, miskien 'n klein, hang-skouer Kêreltjie, maar toe Hy aangestap gekom het na waar hy was, waar hulle. . .daardie vader het gehardloop en gesê: "Here, ek het my seun na U dissipels toe gebring, maar hulle kon niks vir hom doen nie." Hy het gesê: "Sal U ons help?"

En Hy het gesê: "Ek kan as jy glo, want alle dinge is moontlik vir hulle wat glo." Sien?

Hy het gesê: "Here, ek glo; help U my ongeloof."

95 Broer, toe daardie duiwel in Sy teenwoordigheid ingeloop het, het hy geweet Hy het hom op 'n ander vlak ontmoet as wat daardie dissipels gehad het.

Gesê: "Kom uit hom uit."

En die seun het geval, en het die ergste aanval gehad wat hy ooit gehad het, toe het hy reggekom, verstyf. Hulle het gesê: "Hy's dood."

"Hy's nie dood nie. Tel hom op."

96 Dissipels het gekom, en gesê, nou, luister, hier's die moderne dag, "Wel, Here, ek reken U het al ons krag van ons weggeneem, die Kerk het nie meer krag nie."

"Nee."

"So waarom kon ons hom nie uitdryf nie?"

Gesê: "As gevolg van julle ongeloof." Dit reg?

97 Die Kerk het steeds die krag, julle Metodiste hier, julle het daardie krag, julle Baptiste, Presbiteriane, Nasaréners, Pelgrim Heiligheid, maar julle is bang om dit te gebruik. Dis al. Wat sou dit vir my help om 'n goeie jaggeweer te hê, en dit teen die muur neer te sit, bang om dit af te vuur? Ek sou nooit enige wild kry nie, dis gewis. Wel, ek mag 'n hele paar weierskote hê, en 'n paar terugketse kry, en nie baie goed handlaai nie, Broer Gene, maar ek skiet in elk geval, dis al. Ek probeer verskriklik hard. Ja, meneer, so jy sal dit kry. Laat ons geloof hê, en weet dat as ons dit glo! Amen.

Laat ons nou ons hoofde buig.

98 Here Jesus, partymaal praat ons soos kinders, en ons is bly om dit te wees, want as ons soveel weet, kan U ons nie meer lei nie, maar solank ons kinders is, vergewe U ons ons onkunde, en—en vertrou ons net U hand. Partymaal skree ons, en skree, en gaan aan, want, Vader, ons is kinders, ons—ons—ons maak nie staat op ons eie vermoë nie, ons is net bly dat ons is. . . ons 'n Vader het wat oor ons waak. Ons is *so* bly hiervoor.

99 Here, daar is mense hier wat siek is, beproef, party van hulle is gered, party is nie gered nie, party glo hulle is gered en is nie, party is, hulle—hulle is net allerhande soorte, Vader, dis alles deurmekaar. Sal U ons help vanaand, dat ons een, een groot, reuse, massagenesing môre kan hê? Skenk dit, Here. Mag daar so 'n uitstorting van U Gees wees, Here, ek bid dat U dit net op so 'n manier sal skenk, totdat daar nie 'n swak persoon in die gebou sal oorbly nie. Skenk dit, Here.

100 Nou, ons gaan die bladsye van die Woord oopblaai. Nou, ek kan nie hierdie Boek oopmaak, of niemand kan nie, net fisies met my hande, laat die Heilige Gees Dit oopmaak en vir ons 'n paar Woorde verklaar wat ons geloof op so 'n manier sou bou, dat al die ongeloof van ons sou verdwyn, en dat ons volkome tevrede sou wees met 'n suiwer, onvervalste geloof in God dat Hy die siekes genees, Hy die verlorenes red. En as daar enige sonde in ons midde is, Here, neem dit weg, asseblief, Here. En laat ons onsself heilig, vanaand, deur die geloof in die Bloed van U Seun, Jesus Christus, ons Here. Ons vra dit, in Sy Naam, Amen.

101 Nou, hier net met julle praat, en dis tyd om af te sluit. Ek het 'n hele paar Skrifte wat ek hier neergeskryf het waarna ek graag wil verwys, ek mag dalk nie by enige van hulle uitkom nie. Maar by wyse van konteks, nou, ek sal nie te lank wees nie, eerlik, ek hoop ek is nie, maar ek wil net, wil lees uit die Boek van Jeremia, die 8ste hoofstuk, die 22ste vers. Hierdie is 'n vraag van drie letters wat ek die gehoor gaan vra, vanaand.

> *Is daar geen balsem in Gílead nie; of is daar geen geneesheer nie? want* waarom *het die genesing van die dogter van my volk* dan *nie tot stand gekom nie?*

102 Nou, ek gaan die vraag vra soos God het: *Waarom?* W-a-a-r-o-m. "Waarom het die genesing van die dogter van My volk nie tot stand gekom nie?" [Broer Branham maak sy keel skoon—Red.] (Verskoon my.) Nou, dit is nogal 'n stelling, maar ek glo dat as God 'n weg maak vir enigiets, 'n weg van ontsnapping maak, 'n weg daarvoor maak, en die mense dit nie ontvang nie, nie daarin wandel nie, dan het Hy 'n reg om te vra: "Waarom?"

103 As jy gegaan het en vir jou seun 'n motor gekoop het, jy sê: "Nou, Junior, ek—ek wil nie hê jy moet na enige snoekerkamers toe—toe gaan nie, jou vader en moeder, ons is 'n Christenhuis, ek wil nie hê jy moet sigarette rook nie, ek wil nie hê jy moet na danse toe gaan met hierdie moderne danse waar hulle drink en dinge nie. Ons—ons is Christene hier, Junior, en jy sal—jy sal 'n skande oor ons huis bring, en oor die saak waarvoor ons staan. En ek sal baie goed wees vir jou, Junior. Ek's. . .Pappa werk hard, so ek gaan afsloof totdat ek genoeg geld spaar om vir jou 'n motortjie te koop, want jy kan skool toe gaan daarin, jy en Sus, en—en net goed wees. Ek sal vir jou mooi klere kry."

104 En dan vind jy uit dat Junior rook, en drink, en na plekke toe gaan, dan het jy 'n reg om vir daardie seun te vra: "Waarom?" want jy het elke voorsiening gemaak vir hom om homself te geniet, en om sy motortjie te neem, te gaan visvang, en—ensovoorts, en om te gaan uitry. En—en dan sou jy 'n reg hê as 'n vader om hom te vra: "Waarom? Waarom het jy dit gedoen?" Is dit nie reg nie, broers?

105 Dan as God 'n weg maak vir Sy mense om te ontsnap, en weg te kom van die toorn wat aan die kom is, en hulle dit nie ontvang nie, dan het Hy 'n reg om te vra waarom hulle dit nie gedoen het nie.

106 Ek het geland in Bombaai, Indië, hier 'n tyd gelede, en ek het 'n stuk in die koerant gelees, ek het dit nog steeds, of, verskoon my, Tommy Nickel het dit nou, dit kom uit in Christen Sakemanne se *Stem*, en gesê: "Die aardbewing moet verby wees." Nou, Indië is nie ryk mense, soos hulle in Amerika is nie. Nou, die oorsese mense dink regtig dat solank jy 'n Amerikaner is, jy ryk is, wel, dit is reg volgens hulle, maar, volgens die status waarin hulle moet lewe. Maar hulle—hulle het hulle heinings waar hulle

klippe opstapel, soos ons gehad het in die vroeë Amerika, hulle heinings maak. Hulle, baie van hulle huise is gebou uit klip en modder.

107 Maar eendag het daar 'n vreemde ding gebeur, en al die voëltjies wat in hierdie klippe langs die heinings gewoon het, en in die groot torings, het almal weggevlieg van hulle nes, en dit verlaat, net hulle nes ontruim. En die beeste en skape wat, wanneer die dag warm geword het, hulle vroeg in die oggend sou vreet, en laat in die aand, maar in plaas van, en dan in die hitte van die dag, sou hulle kom en staan in die skaduwees van hierdie heining om koel te bly, maar in plaas daarvan, het hulle reguit in die middel van die veld ingehardloop, en almal teen mekaar geleun, beeste, skape, diere.

108 En die mense het gewonder: "Watter vreemde optrede is hierdie!" Dit het vir twee dae gebeur. Meteens het 'n aardbewing die land getref, daardie mure het omgeval. Die aardbewing het vier of vyf verskillende tye geskud vir, miskien, twee dae wat hulle aardbewing na aardbewing gehad het. Uiteindelik, het die voëltjies begin terugvlieg na hulle nes, die plekke wat oorgebly het, die beeste het teruggekom om die mure wat oorgebly het. Wat was dit? Dieselfde God wat die voëls, en die diere gewaarsku het om in die ark in te gaan vir veiligheid, wys Hy is dieselfde God vandag. Sien? Hy het Sy diere gewaarsku om te vlug, en om weg te kom van daardie groot mure wat gereed was om te val.

109 Nou, as God dit kan doen, met instink, vir 'n dier, hoeveel te meer moet ons, wat sê ons is Sy kinders, gevul met die Heilige Gees, gewaarsku word deur die Gees om van hierdie dinge van die wêreld te vlug, weg te kom van hulle af? Hulle maak gereed om te verkrummel, gaan in die Ark van veiligheid in, wat Christus is, net so vinnig as wat jy in Hom kan kom, gaan vinnig. Moenie 'n oomblik wag nie, want die uur kom wanneer die deur toegemaak sal word, en genade nie meer sal wees nie. So, as God 'n weg gemaak het, en dan by die Oordeel gaan Hy vra: "Waarom?"

Ek het altyd 'n lied geken wat ons gesing het:

> Wanneer die laaste boek oopgemaak word—
> Wat dan?
> Wanneer die prediker sy laaste gebed gepreek het, of, sy laaste gebed gebid het (Iets soos daardie.), die Bybel toegemaak is op die preekstoel,
> Die wapens alles opgestapel is, die beuels vir die laaste keer oor die heuwel geblaas is,
> Daar teruggeval is, die son vir sy laaste keer gesak het,
> Die—die nabootser sy laaste optrede gemaak, en Hollywood klaar is—Wat dan?

Jy gevra gaan word om 'n rede te gee waarom
jy nie gekom het nie—Wat dan?

Waarvoor gaan jy antwoord? Hoe gaan jy daarvan ontsnap?

110 Nou, ons wil hierdie dinge ernstig oordink vir omtrent dertig minute, soos ek na 'n paar Skrifte hier probeer verwys. Nou, julle gaan gevra word, elkeen van julle: "Waarom?" Wanneer dit by 'n punt kom dat wanneer God elke voorbereiding getref het, die Heilige Gees gestuur het, en geopenbaar het, en alles gewys het wat Hy belowe het in die Bybel reg voor jou, wat gaan jy dan doen?

111 Julle weet, dis iets soos nou die dag in Louisville, Kentucky, daar was 'n vrou wat 'n babatjie gehad het, en sy het dit rondgedra van plek tot plek, en was in 'n tiensent winkel, en sy sou sê: "Kyk, Skat! Kyk, Skat! Kyk, Skat!" En—en sy het histeries geraak, en naderhand het sy gesê: "O!" Net uitgeskree.

112 En die mense, die klante in die—die gebou het die vreemde optrede van die vrou begin oplet. En sy het net oor die tafel geval, en gesê . . . begin huil. En toe hulle gewonder het wat fout was met haar, het hulle soontoe gegaan.

113 Sy het gesê: "My seuntjie hier, twee jaar oud," gesê: "omtrent ses maande gelede, het hy net gesit en staar." En gesê: "Ek het hom na die dokter toe geneem. Daar was niks wat 'n seuntjie soos hy se aandag moes trek, wat sy aandag getrek het nie." Gesê: "Hy sit net en lyk bot." En gesê: "Ek skud hierdie klein goedjies en dinge wat sy aandag behoort te trek, maar hy sit net bot. Daar's iets verkeerd met hom."

114 Nou, vergewe my asseblief as ek . . . Ek bedoel nie om gevoelens seer te maak nie, maar onthou, hierdie is waar teregwysing is, hierdie is oordeel. Dis baie soos die kerk vandag is. God het allerhande geestelike gawes voor hulle geskud, en hulle het steeds gesit asof hulle net gestaar het, hulle nie weet nie. Jy kan praat teen vroue wat kort hare dra, hulle doen nooit enigiets daaraan nie; oor dra van . . . onsedelik aantrek, hulle doen nooit niks daaraan nie; oor stry in die denominasies, een is beter as *hierdie*, en *hierdie* een is *hierdie*, en *hierdie* een is *hierdie*, hulle doen niks daaraan nie, hulle gaan net reguit voort met stry net dieselfde. Ek wonder wat ons gaan doen by die Oordeel wanneer God sê: "Waarom?"

115 Hy het 'n Oral Roberts gestuur, 'n Tommy Hicks, gepraat in tale, en uitleg van tale, en boodskappe gee, en profete, en alles anders wat Hy belowe het in die Bybel, en elke belofte, Hy het dit voor die kerk geswaai, en hulle loop aanhoudend, net aan in ongeloof. Dan gaan God sê: "Waarom?" Wat is jou antwoord dan?

116 Nou, moenie—moenie dink ek probeer seermaak nie, maar kyk wat daar in hierdie rolstoele sit, kyk daar na die siekte. Soveel keer soos wat Oral Roberts, en baie groot predikers van genesingsgawes, en Jack Coes, en dinge met daardie

bulhondgeloof, wat dit beetkry, en julle gesien het dat dinge gedoen is, toe het Hy gekom met ’n profetiese gawe, en wys, en onderskei, en onfeilbare bewyse wat om die wêreld lê, dan sit hulle, en sê: “Wel nou, ek wonder of iets kan gebeur?” God gaan julle vra: “Waarom?” En julle sal moet antwoord. Nou, dis waar.

117 Nou, eenkeer was daar ’n koning, sy naam was Ahásia, hy was die seun van Isébel en—en Agab. En hy het sy vader se plek in Samaria ingeneem toe Agab volgens die profete doodgemaak is, en die honde sy bloed opgelek het, net presies wat die profeet gesê het sou gebeur. En Ahásia het sy plek ingeneem, en hy was ’n afvallige, net soos sy vader, en sy moeder.

118 En eendag het hy deur die traliewerk van sy huis geloop, miskien, dieselfde traliewerk wat die—wat die koningin van Skeba, of een of ander. . .in haar dae wat hulle, toe hulle die tempel van Salomo gebou het, en hy—hy het deur daardie traliewerk geval, en homself seergemaak, en siek geword. En hy het na Ekron toe gestuur, na Baäl-sebub, ’n duiwel, twee manne soontoe gestuur, of, groep manne, gesê: “Gaan op en raadpleeg, en vra vir Baäl-sebub, die god van—van Ekron, of ek gaan gesond word, ja of nee.”

119 En God het ’n Engel gestuur na die ou Elía wat daaronder in ’n grotdeur gesit het, Hy het gesê: “Gaan op en ontmoet hulle.” God weet wanneer om te stuur en wanneer nie. Gesê: “Gaan op en ontmoet hulle, en sê vir hulle, SO SPREEK DIE HERE.”

120 En ou Elía het ernstig daar opgestap, en in die pad gestaan. Toe hy hulle sien naderkom het, het hy gesê: “Julle is op julle pad oorkant na die. . .na—na Ekron daar oorkant, om Baälsebub te ontmoet—te ontmoet, om hulle profete te ontmoet, om te raadpleeg of Ahásia gaan gesond word of nie.” Gesê: “Gaan terug en sê vir hom: ‘Hoekom het jy dit gedoen? Is dit omdat daar geen God in Israel is nie? Is dit omdat daar geen profeet daar is nie? Waarom sou jy dan na so-iets toe gaan?’ Gaan sê vir hom SO SPREEK DIE HERE, hy kom nie van daardie bed af nie.” O, goeiste! Dis God.

121 Wat is die probleem dat ons ons briewe verander van Metodis, na Baptis, na Presbiteriaan, en alle ander verskillende denominasies en dinge, rondhardloop? Waarom doen ons hierdie dinge? Waarom gaan ons. . .? Waarom bly ons by die huis op Woensdagaand om *Ons Is Lief Sucy* te kyk, of sommige van daardie toneelstukke, en televisieprogramme, en sulke dinge? Is dit omdat daar geen God in Pinkster is nie? Is dit omdat daar geen vreugde in die huis van die Here is nie? Is dit omdat daar geen profeet daar is nie? Is daar omdat hierdie dinge nie so is nie?

122 “Is daar geen geneesheer daar nie? Is daar geen balsem in Gílead nie?” Balsem is genesing. “Waarom is die dogter van My volk dan nog siek?” Vra waarom. Waarom doen ons hierdie dinge? Waarom tree ons op soos die wêreld? Waarom trek ons

vroue nog steeds aan soos die wêreld? Waarom laat ons pastore diakens inkom met twee of drie verskillende vroue, en dien op die diakenrade? Waarom het ons . . . gaan aan net soos die wêreld, en begin optree soos die wêreld, en praat soos die wêreld, en—en, waarom doen ons dit? Is dit omdat . . . ?

123 Waarom moet ons groot heiligdomme bou wat miljoene en miljoene dollars werd is, en preek Jesus kom die volgende paar dae? Sendelinge op die veld met geen skoene aan hulle voete nie, lewe op een maaltyd per dag! Waarom sou ons ons geld weggooi vir sulke goed, en sendelinge waarvan ek weet, het nie skoene aan hulle voete nie? Manne van God, ons sal eendag daarvoor antwoord. God gaan sê: "Waarom?" Dis reg. Moeder, sy wat jou 'n babatjie probeer gee, en sy maag het *so* groot opgeswel, wat sterf van die honger. Ons probeer en wil kompeteer met die Jonesse. God gaan ons vra: "Waarom?"

124 Nou, bou ons groot organisasie tiene van miljoene dollars se geboue, en sulke goed, en preek Jesus kom binnekort? Ons eie getuienis konfronteer ons, deur die Woord, nee ons glo nie waarvan ons praat nie. Net 'n roetine geword, om, en om, en om. "Die Vader sê, so ons sê dit ook." As jy dit regtig glo, tree so op.

125 As jy in Goddelike genesing glo, aanvaar Hom. As jy glo die Heilige Gees is reg, bly daar, nie vir tien minute nie, totdat Hy kom, moenie enige plaasvervanger aanvaar nie. Bly daar totdat die ware Ding daar is. Wel, jy het oorgegaan van die dood na die Lewe, en broer, die voëls sal anders sing, almal, almal wat jy gehaat het, sal jy liefhê, en alles sal anders wees wanneer jy dit doen.

126 Waarom vervang ons dit met iets anders? God gaan sê: "Waarom?" Dan sal ons moet antwoord. Nou, dit is reg, broers, julle glo dit, almal van julle glo, julle manne. Nou, dis—dis waar ons staan. Ons behoort 'n Kerk te wees wat brand met geloof, broer, aan die brand, goeiste, goeiste, in plaas daarvan is ons 'n bietjie soos 'n klomp prêriewolfies agter in 'n hoek, "Wel, uh, ja, ek glo daarin, uh-huh." Julle tree terug, staan daarbo, trotseer dit.

127 As ons Pinkster is, wees Pinkster. As ons nie is nie, waarom nie net die ding afbreek, konsolideer met een of ander van ons denominasies nie, ons Metodiste broers hier, ons Baptiste broers, ons Pinkster- . . . , of, ons Presbiteriane, of, waarom gaan julle nie almal terug en wees Katoliek nie? Dis die oudste een van die klomp van hulle, sien, gaan terug en wees dit. Maar as ons Pinkster is, laat ons Pinkster wees deur ondervinding. Staan op, skud jouself. Ja. Gesê: "Gaan sê vir hom: 'Wat's fout?'" Waarom sou die Pinkstermense . . . ?

128 'n Meisie het my nou die dag gevra, gesê: "Broer Branham, hulle begin skandaalrompe dra."

Ek het gesê: "Wat is dit?"

129 "O," het sy gesê: "die meisies dra rompe wat *so* afgesny is wat hulle onderrok wys. Dink jy dis verkeerd vir 'n meisie om dit te doen?"

130 Ek het gesê: "Suster, waarvoor op aarde wil 'n Pinkster, Heilige Gees-vervulde meisie haar onderrok wys? Ek wil jou dit net graag vra." Sien? As sy reg was met God, sou sy dit nie hoef te gevra het nie.

131 Ek het 'n klein Bybeltjie, toe ek eers begin het, het ek 'n klein boekie geskryf, daar kan iemand wees wat sê: "Is dit verkeerd om te rook, is dit verkeerd om te drink, is dit verkeerd om te *so-en-so*?" soos daardie. Ek het gesê: "Moenie vir my dwase vrae vra nie, maak jy hierdie besluit, as jy die Here liefhet met jou hele hart, rook, kou, of drink jy nie enige 'mpoer nie." En dit, ek staan steeds daarby. Wanneer die liefde van God in jou hart is, het jy geen tyd vir niks anders nie, is jy uitverkoop.

132 Die Bybel sê: "As jy die wêreld liefhet, of die dinge van die wêreld, is dit omdat die liefde van God nie eens in jou is nie." En jou eie lewe getuig daarvan. Ek hoop dis duidelik genoeg, ek sal dit nie enigsins duideliker hoef te stel nie. Sien? Maar dis waar: "Aan hulle vrugte ken julle dit."

133 So skud onsself, laat ons Pinkster wees, of—of om iets anders te wees. Ons nie Pinkster is nie, laat ons ophou sê ons is, sien, totdat ons terugkom by die ware Pinkster ondervinding, terugkom na geloof, waaghalsige geloof. Daardie dissipels het hulle dood verseël met hulle geloof. "O, geloof van ons vaders, wat steeds lewe, ten spyte van kerker, vlam, of swaard." Dis wat ons wil hê, regte, egte geloof.

134 Julle Metodiste het dit nodig, julle Baptiste het dit nodig, julle Pinksters het dit nodig, almal van ons het dit nodig. God gaan sê: "Waarom? Is daar geen balsem in Gílead nie? Is daar geen geneesheer daar nie? Waarom dan? Is daar geen—is daar geen profeet in Israel nie? Is daar geen God daar nie? Het Pinkster hulle God verloor? Het hulle nie nog enige gawes onder Pinkster nie? Het hulle nie meer profete, gawes van profesie, profete, leraars, pastore, evangeliste, niemand anders om in tale te praat en boodskap te gee nie?" Een ding, julle eer nie daardie gawes genoeg nie, 'n ander ding, julle bewys hulle nie eers nie, dan kry julle elke soort gees wat daarbinne praat. Wanneer jy daardie gees kry wat nie iets sê wat reg is nie, kry dit daaruit, julle wil nie 'n plaasvervanger hê nie, God het 'n egte een vir julle.

135 Een of ander man praat in tale, laat hom dan, dis 'n boodskap aan die kerk, bly almal stil, dis God wat praat. En luister en kyk, as dit nie vir die kerk is nie, dan is dit in die vlees. Sien? As dit iets vir die kerk is, en dit gebeur nie, dan is dit 'n vuil, bose gees, want God lieg nie. En julle sal julle kerk in orde kry. Sien?

136 Maar hoe dit is, dit net enige plek laat lostrek, en iemand wat kougom kou, en nog een wat springmielies eet, een wat praat, nog

een wat fluister, iemand wat in tale probeer praat, drie of vier op 'n slag, en—en *hierdie* een wat probeer. . .O, goeiste! Dit word weer 'n Korinthiese affêre. Ons behoort dit weer in orde te kry, terug by die Heilige Gees, daardie gawe te toets.

Julle sê: "O, Broer Branham, toets ons dit ook?"

137 Wel, broer, dit moet net hier getoets word, nie waar nie? Dis—dis reg. Moenie bang wees nie, as dit God is, is dit reg, eenhonderd persent reg. Maar. . . [Leë kol op band—Red.] . . .reg bo-oor dit.

138 Ek het gepraat met die man, 'n redakteur, Bob *wat-se-naam*, wat *Christen Lewe* skryf, en hy was onder by. . .Shu-. . ., nee, nie Bob Shuler nie, hy's die Metodiste broer. Ek ken hom baie goed, maar ek kan nie aan sy naam dink nie, wat *Die Christen Lewe* skryf, die. . .Walker. Hy het na Indianapolis toe gekom, en hy het gesê: "Broer Branham, wat van die Pinksters?" Hy het gesê: "Doen hulle *hierdie* en doen *daardie*?"

139 Ek het gesê: "En wat van die res van hulle? Hulle doen dieselfde ding. Maar baiekeer is hulle lidmate in die koerant, hulle is uit, die redakteurs van die koerant, en dinge, jy hoor nie daarvan nie," maar ek het gesê: "hulle doen net sulke slegte dinge." Maar ek het gesê: "Soms raak iemand wel die pad byster, en wat doen julle almal dan? Julle spring reg bo-oor die regte ding, en trek soontoe. En hierdie oorkant aan *hierdie* kant, wat regte wilde vuur is, sal dit reguit oorgooi na ou, koue formele." Ek het gesê: "Dis reg in die middel van die pad, gaan die egte Heilige Gees, die Kerk." Glorie! Daardie ou, koue formele aan die een kant, en wisselvalliges aan die ander kant, dis afwykings van die regte ding.

140 Jesaja het gesê, in 35ste hoofstuk: "Daar sal 'n hoofweg wees," en julle Nasaréners noem dit "die hoofweg van heiligheid," julle is verkeerd. Nie julle woord in twyfel te trek nie, maar gesê: "Daar sal hoofweg wees, en," *en* is 'n voegwoord, "daar sal 'n hoofweg wees, en 'n weg, en dit sal genoem word," nie die hoofweg nie, maar: "die *weg* van heiligheid." Die middel van die pad.

141 Dr. Wead, ek weet julle Gemeente broers ken hom, hy—hy is 'n dierbare broer, 'n kosbare vriend van my. Ek het eenkeer daaroor gepreek, Broer Wead het opgestaan, hy het gesê: "Weet jy wat?"

142 Broer Vibbert, ek reken almal van julle ken Broer Vibbert, hy's my neef, hy's groot Gemeentes by—by Evansville, Indiana, ons hou 'n mansvergadering daar oorkant.

Gesê, hy het gesê—hy het gesê: "Broer Branham het gepraat van 'die middel van die pad,'" gesê: "dis nie goeie bestuursetiek nie."

143 So, ek het toevallig agter hom gestaan, hy het dit nie geweet nie, ek het gesê: "Jy sien, Broer Wead, net hoe aards kan julle

raak, julle Gemeente broers?" Hy's 'n kosbare broer, en die Gemeentes is een van my groot borge. So, ek het gesê: "Jy sien, jy dink net soveel aan die aardse dinge, en beland in so 'n posisie, totdat al waaraan jy kan dink net die dinge van die aarde is." Ek het gesê: "Sekerlik, net hier op aarde is dit slegte etiek, maar hierdie pad waarvan ek praat, kom jy nie terug nie, dis net 'n eenrigtingkaartjie." En so het ons net gelag.

Hoeveel ken vir Roy Wead? Hy—hy's een van die beste manne wat jy kan kry; hy was 'n ware broer vir my. En so daar het julle dit.

Maar God gaan ons vra: "Waarom?" Hy het vir die koning gevra: "Waarom?"

144 Nou, dit was nie omdat hulle nie 'n profeet gehad het wat hy kon raadpleeg nie. Nee, nee. Nee, meneer. Hy kon gegaan het en die profeet van God geraadpleeg het. Dit was nie omdat daar geen God in Israel was nie, sekerlik, die God van Israel sou die profeet van die koning vertel het. Maar dit was die koning se eie hardkoppige manier.

145 En dis wat die probleem is met die nasies, vandag, in die wêreld. Dis nie omdat ons nie 'n God het nie, maar die wetenskap probeer Hom uit die prentjie haal, en die mense is te koppig om op die beginsels van God se Woord te staan. Presies reg.

146 Hulle sê: "O, dis 'n klomp holy-rollers." Laat dit wees wat dit ook al mag wees. Ek was . . . Ek het oor die wêreld gereis, verskeie kere, ek het nog nooit 'n holy-roller gesien nie, ek het gekyk. Daar's negehonderd nege-en-sestig verskillende organisasies en kerke opgeteken in Washington, en daar's nie een van hulle met die naam *Holy-Rollers* nie. Dis 'n vuil naam wat die duiwel op die Kerk geplaas het. Daar is glad nie so-iets soos *holy-roller* nie, glad nie so 'n organisasie wat *Holy-Rollers* genoem word nie. Hulle noem enigiemand wat in heiligheid glo *holy-rollers*. En as . . . "Sonder heiligheid, sal niemand God sien nie." So julle sien waar die essensie daarvan vandaan kom. Ja.

147 Goed, die koning, hy was net koppig, hy wou nie na die profeet luister nie. Hulle het 'n profeet gehad, hulle het God gehad, maar die—die koning was te hardkoppig. Dis hoe dit vandag is, mense is te selfsugtig. Hulle praat van Goddelike genesing, hulle sal liewer daarbuite lê en sterf, as om selfs te erken hulle het in Goddelike genesing geglo. Mense sal liewer . . .

148 Dis net soos 'n man wat sterf op 'n dokter se drumpel omdat hy nie sy medisyne wil neem nie. Die dokter het die toksiene vir die siekte wat hy het, en die man sal op die drumpel sit, en die dokter het baie toksiene, maar hy sal dit nie neem nie, net te hardkoppig om in te gaan en dit te neem. Hy sal sterf, hy behoort, so dan, as hy so daaroor voel.

149 Dis nie omdat die dokter . . . Moet dit nie voor die dokter lê nie. As die dokter die toksiene het en bereid is om dit te gee, en

die pasiënt wat op die drumpel sit, en net te hardkoppig om in te kom om dit te neem, moet dit nie voor die dokter lê nie, dis nie die dokter se fout nie, dis ook nie die toksiene nie, dis die pasiënt se fout, sal dit nie neem nie.

150 Dieselfde ding is dit in die kerk. Ons het baie balsem in Gilead, en ons het dokters hier, maar mense sterf in die banke in sonde sonder die Heilige Gees, omdat hulle te hardkoppig is om dit te kom neem, en hulle is bang dit sal hulle sosiale aansien skaad, dit sal hulle afbreek, 'n bietjie van hulle kaartpartytjies en dinge mag kos, bang hulle kan 'n bietjie aangaan, en lawaaierig optree. Nee, moenie die dokter blameer nie, moenie die toksiene blameer nie, blameer net die pasiënt wat nie die toksiene neem nie. Dis waar dit is.

151 Ons het toksiene, ons het baie. Die wêreld is vol van die Heilige Gees, Dis net oral. Ons het dokters, broer, wat weet hoe om die medisyne te gee, maar die—die mense wil dit nie neem nie. “O,” sê hulle: “ek's Presbiteriaan.” Dit beteken niks meer as wat 'n vark in staat sou wees om 'n sysaal te dra in 'n stal van die resiesperd nie. Dit het niks daarmee te doen nie, het niks daarmee te doen nie. Presbiteriaanse, Metodiste, Baptiste, of Pinksterorganisasie, of enigiets anders beteken nie *dit* vir God nie. [Broer Branham klap sy vingers—Red.] Jy moet wedergebore word. Sterf in die kerkbanke, nie omdat daar geen toksiene is nie, baie toksiene, maar dis omdat hulle weier om dit te neem.

152 Nou, weet julle wat? As jy weier om die dokter se medisyne te neem, is dit gevaarlik, jy mag sterf as jy nie die dokter se toksiene inneem nie, jy mag sterf, en dis gevaarlik om dit nie te neem nie, soos die Salk-entstof, soos die pokke.

153 Wanneer ek oorsee gaan, glo ek—ek glo hulle—hulle gee my soveel inspuitings dat ek soos 'n tarentaaleier lyk, om in die plekke in te kom, waar hulle, net, inspuitings met geelkoors, en—en allerhande toksienes wat hulle sê wat jou keer om dit te kry. Ek wou dit nie neem nie, maar jy moet dit in elk geval neem, so dis alles reg.

154 Julle sê: “Broer Branham, glo jy in medisyne?” Wel, sekerlik, sekerlik. Hulle is God-gegewe dinge, ons glo dit, maar dit is nie wat jou genees nie. Wat as ons nie gesondheid en higiëne gehad het nie, wat sou ons gehad het? die manier wat die mense vandag op die aarde vermeerder het, en hoeveel dinge. As die hospitaal nie van God is nie, brand dan die ding af, dis 'n antichris. Sien? Sekerlik, maar dit is van God, maar hulle genees glad nie, hulle is net 'n plek om jou weg te hou, en om jou te help, en probeer om jou skoon te hou terwyl. . . As jy ooit genees word, het God jou genees.

155 Beroemde dokter, ek sou nie sy naam noem nie, hy het vir my gesê, hy het gesê: “Billy, kom jy hier in, en die eerste ding,” gesê: “'n perdedokter moet meer verstand hê as wat ons het.”

Gesê: "Hy moet weet waar die perd siek is." Gesê: "Jy kom in, sê: 'Wat makeer jou?'" Gesê: "Sê jy vir my wat verkeerd is." Gesê: "Ek is haastig, ek sal vir jou 'n voorskriffie uitskryf." Gesê: "Het jy opgelet wie se naam daarop is? Die apteker, hy het hiervoor betaal." Gesê: "Ek sal jou tien dollar vra. Jy gaan oorkant toe en kry dit, en hy sal teruggaan en dit gee, en jou drie dollar vra vir iets waarvoor hy twee sent betaal het." Gesê: "Jy neem dit vir drie of vier dae," gesê: "as die Here jou nie teen daardie tyd genees het nie, as jy terugkom na my kantoor, sal ek jou nog vyf dollar vra, en sê: 'Gaan herhaal dit weer.'" Sien, daar het julle dit. Dis God wat genees.

156 Nou, ek veroordeel nie 'n goeie dokter nie, God weet dit. En ek sê hierdie een ding, laat my 'n oomblik stop, ek het meer dokters gevind wat in Goddelike genesing glo as wat ek predikers gevind het, dis reg, en ek het van hospitaal tot hospitaal gegaan.

157 Beroemde dokter het my nou die dag na 'n ou man laat gaan, 'n ou dokter wat, maar ek het nie tyd om vir julle te vertel nie, wat tagtig jaar oud was, bewusteloos was vir twee weke. Broer Goad hier weet van die geval, het toevallig aan dieselfde klub behoort, skietklub waarnatoe ek pas 'n paar dae gelede gegaan het. Die ou dokter het daar gelê, en 'n beroemde, een van die beste dokters wat daar in die suide is. Gesê: "Broer Branham, wanneer jy kom, praat net met die ou man." Hy was bewusteloos.

En terwyl ek sy hand vasgehou het, het hy gekom, en gesê: "Hallo, Dokter."

Ek het gesê: "Ek's nie 'n dokter nie," ek het gesê: "ek's Broer Branham."

Hy het gesê: "Wel, sê, ek moes aan die slaap gewees het." Ja, omtrent drie weke.

Ek het gesê: "Ek neem so aan, Dokter. Hoe lank praktiseer jy al medisyne?"

Gesê: "Hoe oud is jy?"

Ek het gesê: "Twee-en-vyftig jaar oud."

Hy het gesê: "Voor jy geborsvoed is."

158 En ek het gesê: "Ek reken jy het al baie aande 'n flitslig gehad onder langs die rivieroewers," 'n ou plattelandse dokter, "onder langs die rivieroewers, om te probeer om by 'n baba met 'n maagpyn uit te kom, of 'n moeder in kraam."

En hy het gesê: "Nie 'n flitslig nie, 'n lantern."

En ek het gesê: "Ek reken jy, dan het jy niks daarvoor gekry nie, miskien 'n broeisel eiers, of iets."

Gesê: "Nee, ek het niks verwag nie."

En ek het gesê: "Wel, jy weet wat ek dink, Dok? Glo jy in God?"

Hy het gesê: "Ek sou nie hier gewees het as ek nie het nie."

159 En ek het gesê: "Weet jy wat ek dink?" Ek het gesê: "Oorkant in die Hiernamaals, moet hulle 'n plekkie hê oorkant in die hoek, waar al daardie goeie ou dokters wat soveel keer gehelp het . . . " Hy het begin huil, ek het gesê: "Nou, ontstel ek jou."

Hy het gesê: "Nee, nee, nee, bly net hier."

160 Dokter, my dokter wat daar staan, vriend van my, wat staan, sy hande vryf, huil, wat agter in die hoek staan. Daarna het hy gesê: "Ek het nog nooit so-iets in my lewe gesien nie." Gesê: "Wat het jy aan hom gedoen?"

Ek het gesê: "Ek het nooit een ding gedoen, behalwe net my hand op hom gesit nie."

Godsvresende ou man, hy het gesê: "Nee."

Ek het sy hand vasgehou, ek het gesê: "Reken jy het baie operasies gedoen, Dok?"

Hy het gesê: "Ek het nooit 'n mes opgetel voor ek my Skepper gevra het om my te help, en dit te lei nie."

161 Ek het gesê: "Jy mag ses-en-tagtig jaar oud wees, maar as ek 'n operasie moes kry, sou ek wou hê daardie selfde hande moet dit doen." Dis reg. Ek het gesê: "Daar moet 'n plekkie daar oorkant in die Hemel wees, waar Hy gehad het . . . "

Hy het gesê: "Broer Branham, dink jy Hy sal my inlaat?"

Ek het gesê: "Ek dink so." Hy het begin huil, ek het hom omhels.

162 Hier was hy onder op die baan nou die dag, met 'n ou groot geweer, wat daar gestaan het, gesê: "Kyk hoe ek daardie teiken tref, kêrels!" Hy's weer besig om te oefen, ses-en-tagtig jaar oud. Dis reg.

163 O, ja, hulle het regte manne daarin, en hulle het 'n paar afvalliges, ook. En moenie op hulle skree nie, want ons het 'n paar ander, afvalliges, wat hulleself *eerwaarde* noem. Dis presies reg. So, wat geld vir die een, geld vir die ander. Ja, meneer.

164 En die mens het geneesmiddel, en—en Salk-entstof vir hierdie kindertjies, en nie polio nie, ek bid daagliks dat God vir ons iets sal stuur vir kanker. As ons nie geloof kan hê nie, laat ons iets anders kry, geloof is die eerste, laat ons die tweede beste kies, as ons dit nie kan kry nie.

165 Kyk na die wêreld in die toestand waarin dit is, arme, lydende mensdom. Help almal wat jy kan; alles wat help, is van God. Laat ons help, laat ons alles doen wat ons kan, en vir mense bid. Die ding om te doen, broer, is om ons arms bymekaar te sit, beide medisyne, dokters, hospitale, verpleegsters, kerk, en almal saam, en ons geloof in God te plaas, en vorentoe te beweeg, wat ons nodig het. God gaan ons vra waarom ons dit nie gedoen het nie een van hierdie dae.

166 Julle onthou, Lukas was ook 'n dokter. Nou, God het hom nooit veroordeel omdat hy 'n dokter was nie, maar, julle onthou, hy het die groot verhale van genesing geskryf. Dit was vir hom verbasend om te sien wat God kon doen, en hy was die een wat hulle geskryf het: "Eerste verhaal, O Theophilus, ek het aan jou geskryf," ensovoorts, soos daardie, "van Jesus van Násaret, wat Hy alles begin doen en sê het." Hy het geweet wat Jesus was.

167 Nou, mense sterf in die bank omdat hulle die geneesmiddel weier. Nou, dit is 'n ernstige ding om dit te weier. Maar hoeveel ernstiger is dit om God se Balsem te weier? Wat is God se Balsem? Die Heilige Gees, dis die Genesing vir sonde. Jy mag die toksiene van die dokter weier, en jy mag voortgaan, en 'n gewone uur lewe, of week, of twee, of, en sterf, en aangaan. Jy mag dit doen, jy mag jou dae verkort, maar as jy God se Toksiene weier, sal jy Ewiglik sterf, sal jy heeltemal geskei wees van God en genade vir die Ewigheid. So moet julle nooit . . .

168 "Is daar geen balsem in Gílead nie? Is daar geen geneesheer daar nie? Wat is dan die probleem met die dogter van My mense dat hulle nie meer in Goddelike genesing kan glo nie? Is dit omdat dit nie geleer word nie?"

"Nee."

"Wel, wat is dan die probleem? Wat is die probleem met die doop van die Heilige Gees, hou hulle op om dit te leer?"

"Nee."

"Het . . . Het mense dit gekry?"

"Ja."

"Wel, is daar baie balsem?"

169 Wie ook al wil, laat hom kom, drink uit die fontein, spuitfontein van die Heilige Gees, wat uitroep: "Wie ook al wil." Geneesheer wat daar staan om jou daarnatoe te laat gaan. En hoekom kom jy nie? Dan sal God sê: "Waarom? Waarom het julle nie?"

"Wat probeer jy doen, Broer Branham?" 'n Geloof in 'n volk in te skud dat hulle sal besef.

"Is daar geen balsem in Gílead nie?"

170 Nou, wil ek julle iets vra. Die rede waarom hulle die saak ontduik, is omdat hulle bang is vir die nuwe geboorte, dis wat dit is. O, ons Amerikaners is so stylvol, julle weet, o, goeiste, soveel. Ons moet net die, wat ons noem: "die beste" wees, julle weet. Almal moet net soos die Jonesse wees, maar hulle het . . . Ek hoop daar is geen Jonesse hier nie, as daar is, bedoel ek dit nie vir hulle nie, maar dis net 'n Amerikaanse uitdrukking soos Doe, John Doe, sal ek sê. Hulle moet so wees, ons—ons moet so deftig wees. Hulle is bang vir die nuwe geboorte. Laat ek jou vertel, broer! Hulle sê: "O . . . "

171 Eenkeer het ek daarbuite gepreek, en daar was 'n seun van 'n sekere kerk waaraan ek destyds behoort het, wat gekom het, hy het gesê: "Billy, weet jy wat? Ek het jou boodskap so geniet, totdat daardie vrou daaragter opgekom en begin skree en huil het, toe het sy al daardie mense laat huil."

"O," het ek gesê: "dit jou ontstel?"

Hy het gesê: "Wel, ek kon nie hoor wat jy sê nie." En gesê: "Dit—daardie . . . Dit was alles reg tot op daardie tyd."

Ek het gesê: "O, sy het net gejuig."

Gesê: "O, dit het net koue rillings teen my rug laat oploop."

172 Ek het gesê: "Broer, as jy ooit in die Hemel kom, sal jy doodvries, laat ek jou sê." Ek het gesê: "Omdat selfs die Engele in die Hemel uitroep met vlerke oor hulle gesig, en oor hulle voete, dag en nag: 'Heilig, heilig, heilig is die Here! Heilig, heilig, heilig is die Here!'" Ek het gesê: "Jy lewe in die stilste wêreld waarin jy ooit gelewe het, as jy hel toe gaan, sal daar geween en gekla en gekners van tande wees; as jy Hemel toe gaan, sal dit wees: 'Glorie! Heilig, heilig, heilig is die Here,' dag en nag. In die stilste plek waar jy ooit gewoon het."

Hy het toevallig in Colgate se bofbalspan gespeel, en hy het gesê: "Wel, ek doen dit nie, hulle doen dit nie in my kerk nie."

Ek het gesê: "Nou dit . . . Maar ek hoop nie jy dink joune is die patroon nie."

En so het hy gesê: "Wel . . . " Ek het gesê . . . Hy het gesê: "Wel, dit lyk nie baie na 'n Christen vir my, wanneer 'n prediker praat om 'n ding te sê . . . "

173 Ek het gesê: "Weet jy wat? Dit moedig my aan. Hulle *amen* te hoor sê, beteken 'laat dit so wees.'" Ek het gesê: "Ek het altyd 'n ou hond gehad." En ek het gesê: "Hy sou enigiets uitlos behalwe 'n muishond." En ek het gesê: "Ek—ek sou hom laat opjaag in die boom onder 'n ruigte, en die enigste ding wat ek moes doen, was om vir hom daardie muishond te kry, ek wou dit nie self hê nie, so . . . " En ek, dis hoe ek my skoolklere gekry het, was—met valstrikke stel en jag.

174 "En—en ek sou hierdie muishond onder die ruigte kry, en ou Fritz sou daar staan. Die enigste ding wat ek moes doen om hom daaronder in te kry, was om die hoop op te lig, en hy sou terugkom, *so* na my kyk, om te sê: 'Baas, jy gaan my nie daar onder laat ingaan nie, gaan jy?'

175 "Ek sou sê: 'Gaan kry hom, jong. Soek hom, soek hom, soek hom, jong. Gaan kry hom.' Hy sou hom gaan kry." Ek het gesê: "Die duiwel is die grootste muishond waarvan ek weet, wanneer ek mense hoor sê: 'Dis reg, amen,' dan het ons hom in die boom opgejaag, broer, ons sal hom gou kry. Laat hom net gaan," dis reg. Ja, ja, dis reg. Ons het . . . Amen.

176 Ek het gesê: "Kyk, ek het jou gehoor nou die aand toe Charles Nolan daardie boflopie geslaan het, ek woon nie baie ver van die park af nie," het ek gesê: "nie meer as vyf blokke nie." Ek het gesê: "Ek het nog nooit in my hele lewe sulke geraas gehoor nie."

Hy het gesê: "O, Billy, jy moes daar gewees het!" Gesê: "Daar was drie mans op die bof. En jy ken Charles, jy het saam met hom skool toe gegaan."

Ek het gesê: "Sekerlik."

Gesê: "Hy het 'n boflopie geslaan." En gesê: "Man, ek sê jou, jy moes hulle sien ingly het!"

177 Ek het gesê: "Julle unholy-rollers daaronder, ek kon nie eens slaap as gevolg van julle nie." *Un*holy-rollers. Ek het gesê: "As ons holy-rollers is, dan is julle unholy-rollers. Sien?" Ek het dit gesê. Ek het gesê: "Jy sou 'n swak bofballiefhebber gewees het wat daar gesit, en sê het: 'O, ja, hy het 'n boflopie geslaan.'" Ek het gesê: "Jy sê hy was nie baie opgewonde nie. Julle wat strooihoede oor mekaar se kop slaan, en mekaar klap, en skud, en alles soos daardie." Ek het gesê: "Wanneer die prediker op die preekstoel kom en een van daardie boflopies slaan soos daardie, en daardie heiliges die pad voor hulle sien oopgaan, en die Hemel voor hulle sien, skree hulle: 'Glorie! Glorie! Ek sien dit, ek sien dit! Halleluja! Halleluja!'" Ek het gesê: "Hulle begin net in die Koning se hoofweg afgaan, dis al." Daar is dit. Sien? Ja.

178 O, ja, hulle—hulle . . . Dis vreemd hoe hulle dit mis, maar ek reken dit moet net so wees. Dis alles bepaal deur God, en ek reken Hy . . . dis hoe dit veronderstel is om te wees.

179 Nou, hoe vind 'n dokter ooit watter soort medisyne daar om op 'n persoon mee te werk, sien?

180 Ja, hulle is bang vir die nuwe geboorte. Weet julle wat? Die rede waarom hulle bang is vir die nuwe geboorte, want . . . Luister, verskoon my, my susters, sal julle? Ek's . . . Ek . . . Hierdie is 'n gemengde gehoor, maar julle luister na julle dokter, ek—ek is julle broer. Enige geboorte is 'n gemors, ek gee nie om waar dit is nie, as dit in die varkhok is, in die plaaswerf, of as dit in die pienk, versierde hospitaalkamer is, is dit 'n gemors, en die nuwe geboorte is, ook. Dit sal jou laat gil, en skree, en al daardie grimering van jou gesig laat afwas, dit—dit sal dinge vir jou doen wat jy nie gedink het jy sou doen nie. Jy sal aangaan soos jy nooit gedink het jy sou doen nie, dis 'n gemors.

181 Maar julle weet, voor jy gebore kan word, moet jy sterf, en party mense sterf vreeslik moeilik, hulle skop, en skree, en skree, en gaan tekere. "Maar as 'n koringkorrel nie in die grond val en sterf nie, bly dit alleen." As jy vrugte wil voortbring, sterf vir jouself, en jou eie mensgemaakte teologie, en word wedergebore uit die Gees en die opstanding. Dis reg. Raak ontslae van die ou gees van selfsugtigheid en droogheid wat in jou is, kry nuwe Lewe. Dis morsig.

182 Tensy 'n koringkorrel in die grond val en verrot, tensy 'n man verrot vir sy eie teologie, tensy jy verrot het vir Metodiste teologie, tensy jy verrot het vir Baptiste teologie, tensy jy verrot vir Pinksterteologie, totdat jy verrot vir daardie dinge en jouself in die hande van God gee, dan sal die ou mens sterf, en die nuwe mens sal gebore word, Christus Jesus, ons sal opstaan, amen, roem, in die krag en die opstanding van Christus, en die Lewe wat daar in Christus was, sal in julle wees, en vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg. Dis wat die probleem is. Ja. Dis waar dit is.

183 Hoe kry hulle medisyne? Weet julle hoe kry hulle medisyne? Hulle neem 'n proefkonyn, en hulle maak een of ander soort goed, medisyne, en dink dit behoort 'n sekere ding te doen, en hulle spuit dit in 'n proefkonyn in, en as hy dit oorleef, sal hulle dit vir jou gee. Julle weet, almal is nie gemaak soos 'n proefkonyn nie, julle weet, partymaal sal die medisyne jou doodmaak. Daar was omtrent soveel doodgemaak met penisillien as wat daar genees is, of, gehelp is. So, julle weet, almal is nie eenders gemaak nie, so dit sal sommige help en die ander doodmaak, want alle mense is nie gemaak soos proefkonyne nie. Maar julle weet, dit sal sommige help en die ander doodmaak, maar daar's een ding seker, God se toksiene sal niemand skaad nie, maar alles genees, dis reg, want Hy het gesê: "Wie ook al wil," dit sal jou nie doodmaak nie, dit sal jou genees. O, genees die gebrokenes van hart, lig daardie swak hande op in vreugde.

184 Neem 'n wasvroutjie wat so skaam is dat sy nie eens kan praat met die versekeringsman wat na die deur toe kom nie, en laat haar vervul word met die Heilige Gees, kan sy 'n getuienis gee wat die dakteëls bo van die huis af sal afskud. Sy het *iets*, iets het met haar gebeur, sy is gebore in die Gees van God.

185 Neem die ergste prostituut wat ooit hier in die straat geloop het, die honde sou nie eers na haar kyk nie, dis reg, laat haar inkom en gereinig word deur God, sy sal 'n eer vir enige buurt wees. Reg. Dis wat die genade van God doen. Dit verf nie wit nie, maar dit was wit, dis reg, maak haar reguit soos 'n geweerloop.

186 Ek glo in 'n outydse, agterveldse, hemelblou, sonde-doodmaak godsdiens, ja, meneer, dit maak sonde en self dood, en jy is wedergebore uit die Gees van God, en lewe vir Hom. Dis die soort wat jou red, broer.

187 Partykeer wanneer ek agter in die staat Kentucky in afgaan. . .Weet julle wat? Daardie Baptiste daaronder in die staat van Kentucky sou party van ons Pinksters laat skaam voel. Hulle het gesê: "Broer Branham, jy het gesê jy was 'n Baptis?" Ja, ek was die ware Baptis, egter, ons het nie opgestap en die regterhand van gemeenskap geskud nie, broer, ons het onder na die altaar toe gegaan en mekaar op die rug geslaan totdat

ons deurgekom het. Ons opgestaan het van daar af, het ons *iets* gehad.

188 Nou die dag in Kalifornië was ek in 'n groot kerk, een van ons groot Pinksterkerke, en 'n altaar-oproep gemaak, en drie of vier mense het na die altaar toe gekom, en ek het vir vyf minute gesmeek om iemand te kry om saam met daardie sondaars te kom bid. Ek was so uitgeput, en gedaan, ek kon skaars opstaan na die preek, en ek het gesê: "Sal iemand kom bid?" Net daar gesit net so styf, dit was 'n Pinksterkerk. Wel, daardie Baptiste daaronder sou hulle skaam maak.

189 Ek het daaronder gepreek op Verklaringsdag, ver agter daarbo in die leegte, en ou perde wat mielies daar oral gevreet het, middagete op die grond, Voetewas, julle weet, en daarbuite gestaan en preek, preek oor *Ons Sal Opstaan, Halleluja, Ons Sal Opstaan Op Daardie Opstandingsoggend*. Ek het gesê: "*Daar* lê my ou ouma, ek het haar in my arms gehou, 'n honderd-en-tien jaar oud, toe sy haar arms om my nek gegooi, gesê het: 'God seën jou klein sieletjie, Skat,' sterwende, 'vir altyd. Ek sal jou in die Hemel ontmoet.'"

Omtrent daardie tyd, het my ou tante wat daaragter gestaan het, een van daardie groot ou, lang kappies op, het sy gesê: "Halleluja!" Hier het sy gekom, soos daardie.

190 'n Ou sondaarseun wat daar gestaan het met 'n ou groot boombashoed in sy hand soos *daardie*, het hy gesê: "God, wees my siel genadig!" En hier het hy afgekom na die altaar. Voor hy daar gekom het, was daar omtrent twintig van daardie ou mammas om hom, wel, hy is gered voor hy selfs by die altaar gekom het, broer.

191 Wil julle weet watter tyd ons middagete geëet het? Omtrent vier-dertig daardie middag. Broer, hulle het daar gebly totdat hulle deurgekom het. O, was altyd ou, koue, formele Baptiste, nou is dit ou, koue, formele Pinksters. Dis reg, dis hoe ons is. Presies reg.

192 Ja, hulle het die proefkonyn die toksiene gegee, dit vir hom gegee, as hy dit maak, dan gee hulle dit vir jou, sal dit nie werk nie. Maar julle weet, toe God gereed gemaak het om Sy toksiene uit te toets, het Hy dit nie vir 'n proefkonyn gegee nie, dit vir Homself gegee. Amen. Dis reg, God het vlees geword, en onder ons gewoon om die geneesmiddel op Homself uit te toets.

193 Enige regte goeie dokter sal dit op homself toets voor hy dit vir sy pasiënt gee. Dis reg. En God, dis waarom Hy moes vlees word, Jehova was 'n Gees, God is 'n, God die Vader is 'n Gees; God die Seun is 'n Man in Wie die Gees van God gewoon het, ons weet dit almal. So toe, toe. . . God het afgekom en vlees geword sodat Hy die toksiene kon neem.

194 So, op die oewer van die Jordaan, het Hy Self die inspuiting geneem, die grootste ding wat ooit gebeur het, toe die aarde

en die Hemel gekus het, toe die Lam en Duif bymekaar gekom het. Die duif, die sagmoedigste voël van die hemel. God, Jehova ver-. . .Homself, het Homself uitgebeeld in die sagmoedigste voël van die lug, die duif; God, die Seun, wat Jesus Christus was, het Homself uitgebeeld in die sagmoedigste dier. 'n Lam en 'n duif, hulle het albei dieselfde geaardheid.

195 Wat as daardie Duif sou neergedaal het op 'n wolf? Hy sou sê: "*Pshhh!* Dae van wonderwerke is verby." Die Duif sou reguit van hom af *weggevlieg* het, sekerlik. Eerste keer wat die wolf geblaas het, met daardie groot humeure, julle weet, hulle so geraak het, "Ek sal jou net nou sê, as jy nie aan myne behoort nie!" Uh-oh, die Duif bly nie daar nie. Die duif is sagmoedig, die lam word gelei.

196 Die lam het net een ding om aan te bied, dis wol.

197 Ek het iemand vir my hoor sê, gesê, vrou het gesê: "Dis my Amerikaanse voorreg as ek sigarette wil rook."

Ek het gesê: "Dis presies reg."

Gesê: "Hulle verkoop dit."

198 Ek het gesê: "Dis presies reg, maar as jy 'n lam is, gee jy jou regte op, maar as jy 'n bok is, sal jy dit nie doen nie, blykbaar nie, doen jy net wat jy ook al wil." Sien? Dis jou regte, maar jy gee dit op om die Koninkryk van God se ontwil. Dis reg. Jy gee al jou regte op, Koninkryk van God se ontwil, gee dit op, sekerlik.

199 Nou, ons vind uit dat God geneem het die in-. . .Self, die toksiene, Hy ingeënt was. Hulle het Hom dopgehou deur die lewe, toe hulle in Sy gesig gespoeg het, het Hy niks daarvan gesê nie; toe hulle 'n ou, vuil lap om Sy kop gesit het, en Hom op die kop geslaan het, gesê het: "Nou, as jy 'n profeet is, sê vir ons wie jou geslaan het en ons sal. . . " Hy het nooit Sy mond oopgemaak nie.

200 Hulle het handevol baard uit Sy gesig uitgetrek totdat dit gebloei het, hulle het 'n doringkroon op Sy gesig gesit. Hy het gesê: "Ek kon met My Vader praat, en Hy sou vir My twintig legioene Engele stuur, maar My Koninkryk is nie van hierdie wêreld nie." Sien? Die toksiene het gehou in die tyd van versoeking.

201 Hulle het Hom op die kruis gevat, en Hom daar laat dors word, en sterf, bloei totdat Sy menslike liggaam uitgedroog het, toksiene het gehou. Hy het nie terug uitgeskel toe Hy uitgeskel is nie. Dis die soort toksiene.

202 Almal was, die wêreld het dit dopgehou, die dissipels het dit dopgehou. Toe het hulle Hom gesien tot dit uiteindelik toe Hy by die laaste uur gekom het, wat sou Hy sê? "O, Ek was verkeerd, Ek was verkeerd! Haal My af, Ek sal by julle kerke aansluit, Ek sal julle teologie glo!" Hy het gesê: "In U hande gee Ek My Gees oor. Vader, dit is volbring." Amen. O God, die toksiene het gehou, broers, die toksiene het gehou.

203 Toe het hulle Hom uitgedaag, party van hulle het gesê: "Hierdie bedrieër het gesê dat hy op die derde dag sou opstaan. Laat ons seker maak." So hulle het 'n honderd man geneem, 'n groot klip teen die deur gerol, en Caesar se seël daarop gesit. Beter dit nie breek nie! Wat gaan gebeur? Waar is die toksiene nou? Glorie aan God, op Paasoggend, het dit bewys wat dit was. Amen. Dit het die seël van Caesar gebreek, dit het die seël van die dood gebreek, die seël van die graf gebreek, dit het die seël van die hel gebreek, dit het weer opgestaan, halleluja, getriomfeer oor die dood, hel, en die graf. God se toksiene het gehou.

Daar was 'n honderd-en-twintig mense wat gesê het: "Ek wil ook ingeënt word." Ek wil daardie soort inenting hê, wil julle dit nie hê nie?

204 Jesus het gesê: "Dieselfde inenting wat Ek het, dit sal julle ook kry. Dit sal op julle werk, net soos dit op My werk. Die werke wat Ek doen, sal julle ook, as julle net ingeënt word met hierdie Toksiene waarmee Ek in-. . . "

"Wel," sê jy: "dis verkeerd."

O, wag, dit is ook nie, twee het na Hom toe gekom, gesê: "Here, laat my, een van my seuns aan U regterhand sit, een aan die ander."

Hy het gesê: "Kan jy die beker drink wat Ek drink? Kan jy gedoop word met die doop waarmee ek gedoop is?"

Gesê: "Ja."

Met ander woorde: "Geënt met die inenting waarmee ek ingeënt is?"

Gesê: "Ja."

205 Gesê: "Jy sal, maar die regter- en linkerhand is nie Myne nie, dit behoort aan die Vader om dit te gee." Maar gesê: "Jy sal ingeënt word," met ander woorde: "dieselfde ontvang wat Ek het."

206 Nou, sou julle nie graag daardie inenting wou hê nie? Sou dit nie goed wees om te weet dat jy in die lewe daardie Lewe kan lei, daardie tekens jou in hierdie lewe sal volg, jy in die dood kon sê: "Vader, dit is volbring, in U hande gee ek my Gees oor" nie? O, goeiste! Dan op die opstandingsoggend, glorie aan God, mag hulle jou in die gesig tik met 'n graaf, maar op daardie opstandingsoggend, sal jy weer voortkom, want die inenting sal hou. Hulle het gesien dat dit hou in die uur van die dood, dit hou in versoeking, dit hou op die siekbed, dit hou in die graf, dit hou in die hel, dit hou op Pase.

207 En daar was 'n honderd-en-twintig wat daardie inenting wou hê, so hulle het opgegaan na die bo-vertrek om te wag vir hulle inenting. Amen. Jesus het gesê: "Ek sal die Serum afstuur net sodra julle daarbo kom en wag." O!

208 Nou begin ek regtig godsdienstig voel, ek voel eerlikwaar. Glorie! Julle gaan my in elk geval 'n holy-roller noem, julle kan net sowel begin. Dink julle Baptiste skree nie? Hier's een wat dit doen, en ek glo daarin. Amen. Ja, broer. Halleluja! Het opgeklim in daardie bo-vertrekke, en gewag vir die inenting om te kom. Ewe skielik het daar die Serum uit die Hemel gekom.

209 "Is daar geen balsem in Gílead nie? Is daar geen geneesheer daar nie?" Hier kom die inenting af, die mediese stel vir genesing. "Want ter wille van ons oortredinge is Hy deurboor, ter wille van ons ongeregtigheid is Hy verbrysel, die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom." Halleluja! Die simptome het die dood op Gólgota ontmoet, die inenting teruggestuur na die Kerk vir die opdrag, "Gaan in die hele wêreld in, verkondig die Evangelie. Hierdie tekens sal hulle volg wat ingeënt is."

210 Daar het 'n geluid uit die Hemel gekom soos 'n magtige rukwind, en 'n honderd-en-twintig ingeënt. Hoe het hulle opgetree? Net soos 'n gebrandmerkte kalf, broer dis hoe, wat steier onder die impak van daardie inenting.

Broer, hulle was so dronk van die Gees dat die mense gedink het hulle was mal, hulle het gesê: "Hierdie mense is vol nuwe wyn."

Petrus het gesê: "Vol nuwe wyn?" Opgestaan en vir hulle begin preek.

211 Nou, voor jy jou kom kry, het hulle gesê: "Ons wil graag van hierdie inenting hê." Hulle het iets egs gesien. Die honger-hartige kerklidmate het iets egs gesien, Iets wat daardie mense werklik gehad het, wat hulle so laat optree het. Hulle het gesien dat hulle Iets gehad het, want hulle het gelyk asof hulle dronk was, en tog was hulle godsdienstig, en tog het hulle tekens gehad wat gevolg het. Gesê: "Wel nou, het julle 'n dokter hier? Is daar enige dokter hier?"

Hy het gesê: "Ja, ons het een hier, Dr. Simon Petrus. Kom uit, Dr. Simon Petrus, sê vir hulle die voorskrif."

Gesê: "Wat kan ons doen om gered te word? Wat kan ons doen om die inenting te kry?"

212 Nou, Petrus het gesê: "Wel, julle moet die kosjer neem. Julle moet die regterhand van gemeenskap gee. Moet eers vir ses maande getoets word, om te sien of dit regtig werk of nie." O, genade! Dis mensgemaakte teorie.

213 Petrus het gesê: "Bekeer julle, en word elkeen van julle gedoop in die Naam van Jesus Christus tot die vergewing van julle sondes, en julle sal die Heilige Gees ontvang." Amen. "Want die. . . " Hy het waarskynlik gesê: "Ek gee julle 'n Ewige voorskrif."

214 Dr. Petrus het vir hulle ’n, Dr. Simon Petrus, het op die Dag van Pinkster, vir ons ’n Ewige voorskrif gegee, nie: “Gee hand, skud hand, besprinkel” nie, hy het gesê: “Bekeer.” Nie: “Kom in die kerk in” nie, maar hy het gesê: “Bekeer julle, en word elkeen van julle gedoop in die Naam van Jesus Christus tot die vergewing van julle sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang. Want die belofte kom julle toe, en julle kinders, hierdie voorskrif is, wie ook al wil, laat hom kom.” Dis reg.

215 “Is daar geen balsem in Gílead nie?” Sekerlik. “Is daar geen dokters daar nie?” Sekerlik. Dis reg. “Waarom is My volk dan steeds siek?” O, halleluja!

216 Weet julle wat die probleem is? Jy kry ’n regte dokter wat ’n voorskrif sal uitskryf, en jy neem dit af na een of ander kwak-apteker toe, en hy begin om daardie voorskrif te meng, as iets anders, sal hy die pasiënt doodmaak. Presies reg.

217 Dis wat die probleem is, ons het te veel kwak-kweekskole wat probeer het om iets anders te maak, “Sluit aan by die kerk, jou moeder behoort hieraan. Sit jou naam op die boek.” Broer, moet jy nie met daardie voorskrif peuter nie, gee jy dit net soos die dokter dit uitgeskryf het. Halleluja! En dieselfde resultate sal kom as jy die voorskrif sal volg, nie daarvan afwyk nie.

218 Nou onthou, voorskrif het *soveel* gif daarin, dan het dit genoeg teenmiddel om daardie gif teen te werk, genoeg gif, hy diagnoseer jou geval, en dan gee Hy jou genoeg gif om die kiem dood te maak, genoeg teenmiddel om dit teen te werk, sodat dit jou nie sal doodmaak nie. En as jy alles teenmiddel insit, sal dit jou nie help nie; alles gif insit, sal dit jou doodmaak, so dit moet ’n gebalanseerde voorskrif wees. En God, die Dokter, het geweet hoe om dit vir Simon Petrus te gee, en hy het dit uitgeskryf, en hy het gesê: “Hierdie voorskrif is vir julle, julle kinders, en aan hulle wat daar ver is, soveel as wat die Here onse God ooit sal roep.”

219 Nou, julle sê Pinkster is nie reg nie. Wat is die probleem? Na watter soort apteek toe gaan julle? Dis wat die probleem is, ons het kaartpartytjies in die kerk, bunkospeletjies om die prediker te betaal, verkoop ou hane wat op die dak sit, kook hulle, omtrent, verkoop hulle vir ’n dollar en ’n half vir ’n bord om die prediker te betaal, hy wat daarbo staan en praat oor blomme en dinge, en nooit die doop van die Heilige Gees preek nie. Wat makeer, broer? Dis waarom ons siekte het, dis waarom ons mense het wat nie in Goddelike genesing glo nie, is omdat hulle nie die regte voorskrif geneem het nie. Amen.

220 Kry die doop van die Heilige Gees, en jy sal in God se krag glo, jy sal elke Woord glo wat God sê, jy sal Dit beklemtoon met ’n: “Amen,” op alles wat God sê.

221 En daardie mense het nie daar gesit, en sê: “Wel, Simon, ek veronderstel, *ek reken dis net goed,*” nie. Broer, toe hulle Dit

gekry het, is hulle gevul met die Heilige Gees, het begin steier soos dronk mense. O!

222 En onthou, jou Katolieke persoon, die geseënde maagd Maria was net daar. En as God haar nie na die Hemel sou laat kom sonder dat sy daardie selfde voorskrif geneem het nie, hoe gaan jy daar kom, met enigiets minder as dit? Party van julle koue, stywe Pinksters, julle koue, stywe Baptiste, julle koue, stywe Metodiste, hoe gaan julle daar kom, met enigiets minder as dit, wanneer selfs die moeder van Jesus Christus soontoe moes gaan en dieselfde ding kry, en steier, en maak asof sy dronk was? Dit nie die Bybel is nie, ek vra enige professor om te kom en dit te weerlê. En elke keer in die Bybel wat hulle ooit die Heilige Gees gekry het, het hulle presies opgetree soos hulle daar het. Die voorskrif sal dieselfde effek hê, wanneer, elke keer. Amen.

Watter tyd is dit? O! Ek het gedink dit is sewe-uur.

223 O, broer, luister broer, luister suster, wat die wêreld vandag nodig het, is om iets egs te sien, dis waarna hulle soek, om iets egs te sien, ek bedoel die ware wedergeborene.

224 Nou, daardie soort wat verordineer is tot Ewige Lewe sal Dit sien: "My skape hoor My Stem." Presies, dis reg.

225 Jy sê: "Wel, ja, ons is nou Presbiteriaans." Of "Ons is Metodiste, ons. . . " Ek gee nie om wat jy is nie, as jy die ware Stem van God hoor, en die ware Stem van God daardie mense so laat optree het, en maak soos daardie, en 'n bediening soos daardie hê, sal dieselfde krag van God dieselfde ding vandag doen as jy Dit gekry het. Dis reg. As jy Dit ontvang het, sal Dit met jou maak soos Dit met hulle het. Sekerlik, dit is.

226 Petrus het gesê hierdie voorskrif is vir alle geslagte, so julle mense wat 'n klomp mensgemaakte dogmas opmaak en dit *Doktrine* noem, geloofsbelydenisse noem, kerkgeloofsbelydenisse, Presbiteriaanse, Metodiste, Baptiste, en selfs Pinkstergeloofsbelydenisse, wat makeer julle? Neem God se voorskrif.

227 Dis waarom die kinders siek is, hulle het nog nie die voorskrif gekry nie. God het nou baie Balsem, moenie bekommerd wees daaroor nie, gehoorsaam jy net die voorskrif, en kyk wat gebeur. Bekeer, en kyk of die Heilige Gees sal kom, doen soos God gesê het om te doen, en kyk of die Heilige Gees sal kom, kyk of Dit dieselfde effek sal hê wat Dit het.

228 Wat is die probleem vandag, vriend? Ons moet dit regtig hê, dis wat God gesê het, iets *egs*. Terwyl ek van *egte* praat, laat ek afsluit. Sal julle my nog vyf minute gee?

229 Ek hou daarvan om te jag, ek is net lief daaroor om te jag, net om te kom, en die sonsondergange te sien, en in die woude te kom. Soos almal van julle weet, my moeder is 'n baster, my moeder se moeder het van die Indiaanse reservate af gekom, trek

’n pensioen, sien. So ons. . . My bekering het dit nooit uit my uitgehaal, die liefde vir die woude nie.

230 Die Christen Sakemanne, Volle Evangelie, hulle neem my op die Geen Omdraai Rivier, om die wêreld, ek jag in Afrika, Asië, die berge. Bud Branham, die Reënpas Herberg by Anchorage, dis my neef, sien. En sestien vliegtuie wat ingaan vir grysbeer, skape, ensovoorts. Julle jagterbroers, ensovoorts, julle ooit soontoe gaan, laat ek vir hom skryf, en julle goedkoop daar laat inkry. Sien? So, en, en ek kan soontoe gaan en dienste hou, en hulle neem my verniet in, want ek het nie enige geld nie. So, en dis hoe. . .

231 Die rede waarom ek nie enige geld hoef te hê nie, as die Here my na Afrika toe wil stuur, sal hy sê: “Broer Branham,” iemand sal kom, en sê: “Here, gesê om vir jou *hierdie* te gee.”

Ek sê: “Dankie, Here, ek het dit geweet,” *zoop*, daar gaan ek.

232 Sien, ek hoef vir niks te bedel nie, die Here nie wil hê ek moet gaan nie, dan hou Hy my hier. Sien? Net, dis die manier om te lewe, ek hou daarvan om dit so te lewe, net wat Hy sê reg is. Ek het niks, wil niks hê nie, so ek wil net Sy genade hê, is al.

233 Ek het altyd in die noordelike woude gejag, ek het ’n jagmaat daarbo gehad, en julle, al julle broers wat jag weet wat ’n goeie jagmaat is, julle ken mekaar. Hy was een van die beste jagters, en die beste skutte wat ek ooit gesien het, jy hoef jou nooit oor hom te bekommer het nie. Partymaal neem jy ’n—’n cheechaker in die woude in, en jy kry. . . Wel, *cheechaker*, dit beteken “groentjie,” en dis ’n Indiaanse woord. Maar jy neem hom in die woude in, en jy moet net ’n ogie oor hom hou, of hy verdwaal. Maar jy hoef jou nooit te bekommer het oor ou Bert nie, hy het geweet waar hy was, hy was omtrent self half Indiaan.

234 So, hy was ’n goeie kêrel, maar die wreedste man wat ek ooit in my lewe gesien het. Hy was die wreedaardigste kêrel! Hy het altyd klein boklammetjies geskiet net om my sleg te laat voel. Nou, ek dink nie dis verkeerd om ’n boklam te skiet nie, as die bewaring vir jou sê om ’n boklam te skiet, is dit in die haak. Abraham het ’n kalf doodgemaak en dit vir God gevoer, so die boklam is reg, maar nie net om gemeen te wees nie. Dis die. . . dis nie wát jy doen nie, dis hóé jy dit doen. So partymaal is dit nie wát jy sê nie, dis hóé jy dit sê.

235 En so dan hierdie—hierdie klein boklammetjie, hy sou daardie klein boklammetjie sien, en hy het geweet, ek wat ’n prediker was julle weet, hy sou net daardie kleintjies skiet, agt of tien van hulle per jaar, net om my sleg te laat voel.

En ek het gesê: “Bert, jy is een van die beste vriende, en ek hou daarvan om saam met jou te jag omdat jy ’n goeie kêrel is, maar jy is so gemeen.”

Hy het gesê: “Noem jy my gemeen?”

Ek het gesê: "Jy is meer as dit, jy is boos."

En hy het gesê: "Ag, prediker, ruk jou reg." Gesê: "Jy is lafhartig, soos die res van die predikers."

Ek het gesê: "Ek's nie lafhartig nie." Maar ek het gesê: "Man, hulle. . . Ek's 'n jagter," en ek het gesê: "Ek—ek nie. . . Ek's nie 'n moordenaar nie, ek's 'n jagter."

En hy het gesê: "Ag, ruk jou reg, Billy."

236 Een jaar, daarbo, het hy gesê. . . Ek het opgegaan, en ek het 'n bietjie laat daarbo gekom, seisoen was oop vir 'n paar weke. En o, as enigiemand ooit die noordelike woude gejag het, daardie witsterte, o, broer, praat van Houdini, die ontsnapkunstenaar, hulle. . . en hy's—hy's 'n amateur teen hulle wanneer daar 'n paar keer op hulle geskiet word, en hulle net—net, soos *daardie*. [Broer Branham klap vingers—Red.]

237 En partymaal kan jy nie meer as twintig voet van jou af sien in daardie woude daar in Maine nie waar jy. . . Jy—jy beter weet waar jy is, of jy sal nooit terugkom nie, vir honderde myle is dit net gelyk, en jy val in die moeras, en gaan tien keer oor jou kop. En—en dis net gevaarlik om te jag. As jy nie 'n ware woudman is nie, bly weg daaruit, tensy jy iemand by jou het.

238 So ons was daarbuite besig om te jag, en ons, en voor ons uitgegaan het. . . My vrou was by my, en sy het bo by die herberg gebly, by die kamp, en daar's omtrent twintig vroue daarbo. So ek en Bert, het altyd oorkant na die ander kant van die berg toe gegaan, en ons het geweet waar ons was, en het gejag, en hy het gesê: "Ek het iets, Billy."

Ek het gesê: "Wat is dit, Bert?"

239 Hy het sy hand in sy sak gesteek, en hy het 'n fluitjie gehad. Hy kon dit blaas, en dit het geklink soos 'n klein boklammetjie wat blêr, dis 'n baba takbokkie, julle weet, wat blêr vir sy mamma.

En: "O," het ek gesê: "Bert, jy is nie so wreed nie. Wel, jy sou. . . Sal jy 'n ooi roep met daardie boklamgeblêr?"

Hy het gesê: "Ag, ruk jou reg." Ek het nie regtig gedink hy sou dit doen nie, eerlikwaar.

240 Ons het gejag, daar was omtrent ses duim sneeu op die grond, omtrent, goeie jagweer, spoorgesny, ons het die hele tyd gejag tot middag, niks gekry nie, nie eers 'n spoor nie. Hulle was, daardie takbokke vreet in die nag, dan gaan hulle in die dag weer onder die bosse en dinge in, jy kan hulle nie beweeg nie. En so, hulle sal nie beweeg voor dit weer nag word nie, tensy jy toevallig op een trap, hom uitkry.

241 So, toe het ons gejag, omtrent elfuur, elf-dertig. En ons het altyd 'n—'n termosfles vol warm sjokolade gedra, en miskien 'n toebroodjie. En ons sou opklim so ver as wat ons kon, en dan teen

die middag sou ons eet, en dan skei, en hy sou ’n ander pad volg en ek ’n ander pad. En ons sou terugkom na die tentkamp vir daardie aand, inkom, miskien tien of elfuur in die aand.

242 So toe, het hy by ’n klein openinkie gekom omtrent die grootte van hierdie ouditorium hierbinne. En hy het net soort van, hy was voor my, so hy het net soort van gehurk soos *hierdie*. *Hurk*, ek reken dis net reg hier, is dit nie? Genoeg Kentuckiërs hier weet wat ek bedoel wanneer ek sê *hurk*. So net soort van gebuk, liewer, en hy het sy hand agter in sy sak gesteek soos *hierdie*, en hy sou die kry, sou syne kry, ek het gedink hy haal sy toebroodjie uit, en toe hy het, het hy daardie fluitjie uitgehaal.

En ek het na hom gekyk, ek gesê: “O, skaam jou, Bert!”

243 Hy het dit geblaas, en dit het net presies geklink soos ’n babatjie wat huil vir sy moeder. En toe hy het, het ek net oorkant die plek gekyk, en ’n yslike groot ooi het opgestaan.

244 En hy het oë gehad net soos ’n akkedis, en hy het na my gekyk met daardie akkedis-oë, soos *daardie*, en ek het gesê: “O, jy sal dit nie doen nie, Bert.” Ek het gesê: “Sy, dis ’n moeder, broer.” Ek het gesê: “Dis ’n moeder, sy dink net dis haar baba.”

Hy het gesê: “O, ruk jou reg, prediker.” So omgeglip soos *hierdie* met sy geweer.

Ek het gedink: “O, goeiste!”

245 En hy het dit weer geblaas. Ek kon net daardie yslike groot oë sien, en groot ore wat regop staan soos *daardie*. Die ooi, die moeder takbok, sy het waarskynlik lammetjies gehad, julle sien. So, haar baba was in die moeilikheid, sy het geluister, daardie groot ore regop. En so, het hy dit weer geblaas. Nou, dis heeltemal ongewoon daardie tyd van die dag, elfuur in die dag.

246 So, sy het reguit uitgestap in hierdie opening, nou, dis heeltemal ongewoon, as enigiemand takbokke jag. Reguit uitgestap in daardie opening. Wat was die probleem? Sy het gesoek na haar baba. Sy het rondgekyk soos *daardie*. Nou, sy het nie die rol van ’n skynheilige gespeel nie, sy het iets in haar gehad, sy was as ’n moeder gebore, en haar baba was in die moeilikheid, sy het gesoek na daardie baba.

247 Net toe het ek ou Bert gesien, ons dra nooit ’n koeël in die—in die loop nie, en dis ’n slegte gewoonte, so ek sien hom hierdie .30-06 neem en daardie honderd-en-tagtig-grein sampioenkoeël insit, o, ’n dodelike skut, daardie knip laat sak, dit oplig soos *daardie*, en daardie kruishare in daardie teleskoop regoor haar hart.

248 Ek het gedink: “O God, hoe kan daardie man dit doen? Daardie moeder wat soek na haar baba, en dan sou hy wreed genoeg wees om daardie kosbare, getroue hart reg deur haar te skiet?” Wel, oorkant hierdie gebou met daardie, met daardie swaar koeëllading wat hy gehad het, wel, hy sou haar hart reg

uit haar uitskiet. Ek het gedink: "Hoe kan hy so gemeen wees, net, vir daardie kosbare moeder, daardie getroue hart wat soek na haar baba, uit op soek na haar baba, en hy dan haar hart uit haar uitskiet?" Ek het gedink: "Bert, jy's boos."

249 En hy het afgekyk, ek sien hom afbeweeg soos *hierdie*, en homself gereedmaak, en o, broer, ek het geweet wat sou gebeur. Ek kon nie daarna kyk nie. En—en die. . . Toe ek omgedraai het om te sien wat hy doen, het die takbok die jagter gesien, en sy het geskrik; dit—dis 'n jagter se woord, dit beteken sy het bang geword. En sy—sy het opgekyk, sy het daardie groot ore regop getrek soos *daardie*. Het sy gehardloop? Nee, meneer. Dood of nie dood nie, haar baba was in die moeilikheid, sy het daarna gesoek. O, goeiste! Sy kon dit nie help nie, sy was 'n moeder, sy was gebore as 'n moeder. Sy het nie die rol van 'n skynheilige gespeel nie, sy was 'n moeder. Dood of nie dood nie, daardie baba was in die moeilikheid, en sy het daarna gesoek.

En ek het gedink: "Sekerlik, behoort dit daardie wreedaardige man te tref!"

250 Ek sien hom aanlê, gereedmaak om te skiet. Ek het my rug gedraai, ek kon nie daarna kyk nie, ek kon dit net nie verduur nie, om te sien dat daardie kosbare moeder daardie kosbare, getroue hart gaan kry, dat sy haar baba so liefgehad het, totdat dit reg uit haar uitgeskiet sou word. Gekyk na hom, afgekyk na die jagter, daar gesit, ook, en geweet dit beteken die dood vir haar, maar sy het haar baba gesoek.

251 En ek het omgedraai, ek het gedink: "O God, o, hoe kan hy dit doen? Hoe kan hy dit doen? Goeiste, so wreed!" Ek het agter 'n klein sparboompie gestaan, ek het gedink: "O God, hoe kan hy dit doen?" Daar was 'n sneeuwal daar. Ek het gedink: "Daardie kosbare moeder se hart gaan reg uit haar uitgeskiet word. God, ek kan nie daarna kyk nie. Hoe kan hy dit doen?"

252 Ek het opgelet die geweer het nie gevuur nie, ek het omgedraai om te sien wat hy gedoen het, hy het *so* gegaan, hy het gegaan, geskud. Hy het omgekyk na my, daardie akkedis-oë het verander, yslike groot trane het van sy wange afgeloop. Hy het daardie geweer gegryp, hy het dit op die grond gegooi, hy het my aan die broekspyp gegryp, hy het gesê: "Billy, ek het genoeg daarvan gehad, lei my na daardie Jesus wat jy sê so werklik is."

253 Wat was dit? Hy het iets egs gesien, hy het iets gesien wat nie aangesit was nie, hy het iets gesien wat eg was, hy het 'n moeder se liefde gesien wat ten aanskoue van die dood sou staan, of ongeag van wat dit was, hy het iets egs gesien, nie 'n preek wat ek gepreek het, of 'n lied wat die kerk gesing het nie. Hy's nou 'n diaken in 'n Baptiste kerk.

254 Hy het my aan die bene gegryp op daardie sneeuwal, hy het gesê: "Billy, ek het iets gesien wat eg is, seun." Gesê: "Ek het genoeg gehad," gesê: "vertel my van Hom."

Ek het neergekniel in die sneeu, en ek het gesê: “Bert, God het gesê: ‘As hulle stilbly, sal hierdie klippe uitroep.’ Het jy Hom lief?”

Hy het gesê: “Ek wil die soort liefde vir my God hê wat die takbok vir haar baba gehad het.” Daar op daardie sneeuwal daar het ek daardie jagter na God gelei.

255 Ek wonder vanaand, hoeveel hierbinne wil graag daardie soort liefde vir julle Here hê soos daardie ware, daardie ware liefde? Sy, wat het sy gedoen? Sy het iets vertoon wat eg was. Nou, vriende, daar’s soveel skyngeloof vandag, laat ons nie dit neem nie, laat ons iets egs hê.

256 Dis so laat, laat ons net op ons voete staan, en ons lewens toewy aan God. Almal wat wil hê God moet in jou hart inkom, en jou ’n ondervinding gee om ’n liefhebber van Christus te wees, en die liefde vir Christus te hê dat jy die dood of enigiets kan trotseer, die soort liefde wat daardie moeder takbok vir haar baba gehad het, steek julle hande op soos *hierdie*. Laat ons ons hoofde buig.

257 Ja, Here, ons het balsem, daar’s balsem in Gilead, daar is dokters hier. God, ek bid dat U die mense nou sal help om te kom en ingeënt te word, kom en ingeënt te word teen humeur, teen ongeloof, gereed te maak vir daardie groot diens, môre. Skenk dit, Here.

258 Met ons hoofde gebuig, hoeveel van julle wil daardie ware, Pinkster, Heilige Gees liefde van God hê? Dis Pinkster, is ware liefde. Sal julle kom, om die altaar staan terwyl ek vir julle bid? Kom, beweeg nou uit jou posisie uit, terwyl jy staan, kom nou hier op, en sê: “Ek wil daardie soort liefde hê, Broer Branham, ek wil my Here liefhê.” God seën jou. God seën jou. Dis reg. Kom van die balkonne af, ons sal wag. Kom reguit hiernatoe.

259 Hierdie mag die uur wees wat alles vir die Lewe . . . Wat is—wat is enigsins groter vir jou, vriend? Maak nie saak, of jy ’n kerklidmaat is nie, dit maak nie saak nie. Jy sê: “Wel, ek behoort aan ’n Pinksterkerk.” Maar as jy nie daardie liefde tot die dood vir Christus het om voor die wêreld te vertoon, sodat die mense kan sien nie, sal jy nie kom nie?

260 Julle Pinkstermense wat weet dat julle ’n lewe lei, julle humeur het, en julle verbouereerdhede het, en julle soms vrees, twyfel, waarom kom julle nie hiernatoe nie? Kom rondom, wys vir God net deur te kom: “Ek—ek is jammer, God, ek—ek—ek—ek wil liefde hê, ek wil ware liefde hê, ek wil U liefhê, Here, soos daardie moeder takbok haar baba liefgehad het.”

261 Jy sê: “Maar my bure, ek gaan kerk toe saam met hulle.” Maar julle Here, wat van Hom? Sal julle kom? Kom van die balkonne af, sal julle nie? Daar’s baie van julle daarbo. Ons sal net hier staan en wag.

262 Julle jong studente hier van hierdie kollege, julle gaan uit om die manne van môre te wees, die vroue van môre, waarom kom julle nie en wy julle lewe toe nie? Ons vra jou nie om by enige Pinksterkerk aan te sluit nie, bly maar 'n Metodis, net wat jy is, maar kom kry jy hierdie ondervinding van die liefde van God in jou hart, so soet, dat wanneer jy na jou gemeente toe gaan, waarheen God jou ook al sal lei, jong man, jong vrou . . . Waarom kom jy nie en kry 'n ware inenting teen sonde nie?

263 Party van julle studente daarbuite wat sigarette rook, is julle nie skaam nie? Kom hier. Wel, John Wesley sou omgedraai het in sy graf as hy moes weet, as jy sy student daarmee was. Kom hiernatoe, sal jy nie kom nie? Meneer, kry God in jou hart, regtig. Kom, sal jy nie? Kom uit die balkonne, almal, almal: "wie ook al wil," die voorskrif is oop, vanaand. Ons het balsem hier in Gilead en hier's die geneeshere net hier, julle sal neem vir doop, en wat ook al in die diens, ons het hulle hier. Sal jy nie kom nie? Sal jy nie jouself kom hertoewy aan God, en 'n ondervinding hê nie?

264 God gaan, onthou nou, God gaan jou vra: "Waarom het jy nie gekom nie?" Voor die oggend, as jy siek word, jy pyne in jou arms voel, hulle opkom om jou skouers, julle weet wat dit is, nie waar nie? Jy is sterwend. Jy het jou pols voel opkom, jou hande koud word, die dokter hardloop nader, sê: "Dis 'n hartaanval." Die ambulans skree, en jy jou lewe gevoel het, jy teen die kussing druk, en jy weet jy gaan sterf, gaan God sê: "Waarom het jy nie gekom nie?"

"Wel, Here, ek het aan die kerk behoort." Dis nie waarvan Hy praat nie.

265 "Waarom? Waarom? Waarom is daar steeds sondesiekte in die kerk? Is daar geen balsem om dit te genees nie?" Ja, daar's balsem om dit te genees, daar's dokters hier. Alles is gereed, sal julle nie kom nie? Kom nou, terwyl ons net 'n oomblik wag.

. . . Verlosser,<br>
Hoor my nederige uitroep;

266 "Maak my 'n Christen, maak my 'n gebore Christen, soos daardie takbok . . . " Wat was daardie takbok? Sy is 'n gebore moeder, sy was gebore om 'n moeder te wees, kom, word gebore om 'n Christen te wees. Komaan, jy sal dieselfde liefde van God hê, meer as wat daardie takbok vir die lammetjies gehad het. "Kan 'n moeder haar suigeling vergeet? Ja, sy mag, maar Ek kan julle nie vergeet nie," het Jesus gesê. "Julle naam is gegraveer in My handpalms."

267 Sal julle nie kom nie? Ek nooi julle uit. En onthou, by die Oordeelsdag wanneer julle gevra word: "Waarom?" sal die bandopname van hierdie aand oorgespeel word.

Moenie by my verbygaan nie.

Verlosser . . .

268 Kom, elke siel, elke siel, gewoontes, humeur, verbouereerdhede, twyfel, siek mense, kom. As jy nie genoeg geloof het om te gehoorsaam nie, sal jy nie nou kom en die ware ding in jou kry wat jou geloof gee nie? Jy beplan om genees te word, môre-aand, waarom kom jy nie nou om die altaar nie? Staan hier, sê: "Here, neem al my twyfel weg van my, neem al my twyfel, laat daar daardie iets hier wees wat my regtig laat weet. Gee my iets wat, môre-aand, wanneer daardie genesingsry geroep word, ek sal sê: 'Here God, daar's nie 'n sweempie twyfel in my hart nie, ek glo U, Here.'"

Terwyl U ander roep,
Moenie by my verbygaan nie.

Verlosser, O Verlosser,
Hoor my nederige uitroep;
Terwyl U ander roep,
O, moenie by my verbygaan nie.

269 Kyk, wat hierbo in die hoek sit, 'n moedertjie wat haar klein—wat haar babatjie op haar skoot voed. As iemand sou kom, vanaand, en vir daardie moedertjie sê: "Ek gaan jou doodmaak, of die baba," watter een sou sterf? Die moeder, sekerlik. Hoekom? Dis hare, dit het onder haar hart gelê vir nege maande, dis hare.

270 Waarom lê julle nie nou onder Sy hart nie? Gee net jou lewe oor aan Hom. Hy het vir jou gesterf sodat jy gered kon word, dit is daardie liefde. Nou, daardie moeder kon, iets met haar gebeur, en sy kon haar baba vergeet, die Bybel het so gesê: "Maar Ek kan julle nooit vergeet nie," het Hy gesê: "julle name is gegraveer in My handpalms." Sal julle nie nou kom nie? Hierdie is 'n, soos 'n toewydingsdiens, kom nou. Nog een keer, sodat ek seker sal wees dat ek almal geroep het.

Nou onthou, julle Katolieke mense, julle sê: "Broer Branham, ek's Katoliek." Ek gee nie om nie, 'n Katoliek kan gered word soos enigiets.

"Ek's Baptis." Goed.

271 "Wel, ek's Pinkster." 'n Pinkster kan gered word net soos enigiemand anders kan word, maar as jy nie het . . . "Al," luister: "al praat ek die tale van mense en Engele, en het nie liefde nie, is ek niks." Dit is die Pinkster, praat met die tale van mense en Engele, beide die onbekende, en die bekende tale.

272 Nou, julle Metodiste: "Al," en Baptiste, en Katolieke: "al verstaan ek al die verborgenhede van God, die hele Bybel kan verduidelik, Dit alles weet, my teologie die beste is, en nie die soort liefde het nie, is ek niks. Al gee ek al my goed aan die armes, gee my liggaam om verbrand te word as 'n offer, geloof om berge te versit, al sou ek dit kon doen, en nie liefde het nie, is ek niks. Waar daar tale is, dit sal ophou; waar daar profesie is, dit sal faal; waar daar kennis is, dit sal verdwyn, maar wanneer liefde kom, bly dit vir ewig."

> Dierbare sterwende Lam, U kosbare Bloed
> Sal nooit sy krag verloor nie,
> Tot die hele vrygekoopte Kerk van God
> Gered is, om nie meer te sondig nie.

Luister:

> Vandat ek deur geloof daardie stroom gesien het
> Wat U vloeiende wonde voorsien het,
> Was Verlossingsliefde my tema,
> En sal wees tot ek sterf.
>
> Dan in ’n edeler, soeter lied,
> Sal Ek U krag om te red besing,
> Wanneer hierdie arme lispelende, hakkelende tong
> Stil lê in die graf.

273 “Laat my in U lewe met elke ons van my krag, my liggaam, en alles wat ek is, om die liefde van Jesus Christus uit te beeld wat uitgestort is in ons harte deur die Heilige Gees.”

274 Nou elke persoon hierbinne, julle rondom die altaar, wat ook al julle probleem is, bely dit aan God, “Ek het humeur. Ek het gewoontes. Ek is skaam vir my lewe. Ek het *dit*, *dat*, of die *ander* gedoen.” Ek gaan vir julle bid, ek wil hê almal moet eerbiedig wees.

275 Ons Hemelse Vader, hierdie mense het op die eenvoudige Woord van die lewende God gekom, en oor die storie wat gebeur het omtrent twintig jaar gelede, toe ’n wreedaardige jagter, om gemeen en onverskillig te wees, daardie dag daarbo op daardie sneeuwal, toe hy ’n moedertakbok ’n ware, egte liefde sien vertoon het, hy iets egs gesien het, dis wat hy wou hê. Sekerlik, as God daardie soort liefde vir ’n dier kon gee, kon hy dit vir ’n mens gee. Daar het U hom daardie groot ondervinding van die nuwe geboorte gegee.

276 Nou, Vader, diegene staan rondom die altaar, hulle is vroue, moeders, vaders, kinders, God, hulle staan hier gereed om daardie liefde te ontvang. Mag hulle nie tevergeefs hier opstap nie, maar mag hulle so vasbeslote wees dat hulle ingeënt gaan word teen hulle boosheid, hulle gedagtes, hulle—hulle—hulle verbouereerdhede, hulle humeure, tot die Heilige Gees op hulle sal val, Here, soos ’n magtige rukwind. Skenk dit, Here. Deur Jesus Christus’ Naam, vertrou ek hulle toe aan U.

Nou, ek wil hê julle predikers, loop reguit hier na hulle toe, loop nader elkeen. . .?. . .

Hier is predikers, wat hier opstap om te kniel en te bid.

277 Nou, almal in die gehoor buig julle hoof, terwyl ek vir Broer Borders gaan vra of hy ons in gebed sal lei.

278 Ek vertrou julle toe aan Jesus Christus, die Seun van God, vir die begeerte van julle hart waarvoor julle kom, terwyl ons bid.

61-0413 Waarom?
Illinois Wesleyaanse Universiteit
Bloomington, Illinois V.S.A.

AFRIKAANS

©2024 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

## Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org